# HOOFSTUK 7

## VERDERE METODOLOGIESE EN DIDAKTIESE RIGLYNE VIR 'N SINVOLLE GODSDIENSONDERRIG IN ONS TYD

### 1 Inleidend

Die bedoeling van hierdie slothoofstuk is geensins om 'n indringende, omvattende metodiek of 'n volledige didaktiek vir die godsdiensonderrig daar te stel nie. Slegs daardie terreine ten opsigte waarvan die eksis= tensieteologie en die neo-modernisme ons voor belangri= ke uitdagings stel, word aangeraak. Die vraagstuk waarmee die eksistensie- en radikale teoloë in ons tyd worstel, is na sy wese 'n hermeneutiese vraagstuk. Daar word gesoek na weë en middele om die Skrif vir die moderne mens verstaanbaar te maak. In hulle pogings om die Heilige Skrif vir die gesekulariseerde mens weer relevansie te laat verkry, is, soos uit vorige hoofstuk= ke blyk, verskeie weë gevolg, sommige waarvan met vrug gebruik gemaak kan word, andere wat uiters onnavolgens= waardig is. Wat nou verderaan volg, is die vrug van besinning oor metodes wat aan die hand gedoen word om die Skrif, wat maar al te dikwels 'n „Fremdkörper" in 'n gesekulariseerde wêreld is, in sy volle aktualiteit midde in die lewe van die soekende en matgejaagde mo= derne mens te plaas. 'n Metodiek van godsdiensonder= rig in ons tyd, sal onvermydelik aan tweërlei eis moet beantwoord. Eerstens moet dit ten volle gebruik maak

van alle positiewe elemente van die hedendaagse stro=minge; tweedens moet dit daartoe meehelp dat die gods=diensonderrig só aangebied word dat die skadelike ele=mente in die huidige rigting onskadelik gemaak word.

Elkeen wat hom op hoogte stel met die huidige stand van die godsdiensonderrig in ons skole asook met hedendaagse strominge in die teologie en die opvoed=kunde kom tot die oortuiging dat iets daadwerkliks ge=doen moet word om die Woord van God met die kind-van-nou sinvol te laat kommunikeer.

Om die gewenste kommunikasie te bewerk, moet 'n metodiek en didaktiek ontwerp en aangewend word wat spesifiek daarop gemik is om .

* mens en wêreld, skool en wetenskap, kerk en fabriek, kuns en tegniek, ja, die hele lewe en leefwê=reld van die moderne kind onder die singewende belig=ting van die lewende Woord van God te stel;

* die Heilige Skrif sinvol by elke lewensitua=sie van die moderne kind te betrek,

* God in Christus, deur sy Woord en Gees midde in die leefwêreld van die kind, met sy vreugdes en smarte, suksesse en teleurstellings, genot en probleme te verkondig as die draende Grond van heel die bestaan van die kind;

* alle absurditeit uit die lewe van die kind te ban en hom 'n nuwe visie op die sin van lewe, mens en wêreld te gee;

* onderwyser en kind in 'n persoonlike relasie

tot mekaar te plaas sodat die onderwyser ware begeleier van die onvolwasse leerling sal wees op sy weg na volwassenheid;

* alle ongesonde konvensionaliteit tot niet te maak en die kind in staat te stel om verantwoorde, selfstandige beslissings in hierdie lewe te maak;

* 'n naasteliefde by die kind te kweek wat gewortel is in die geloof aan en liefde vir 'n persoonlike God wat Skepper, Onderhouer en Regeerder is van 'n mensdom en 'n wêreld wat sy bestemming vind in die allesoorheersende en allesomvattende koninkryk van God waarvan Jesus Christus die beginsel en die Woord van God die grondwet is.

## 2 Christelike onderwys en Christelike wetenskap

Een van die oorheersende kenmerke van die eksistensialisme is die verheerliking van die absurde. Niks skyn vir hierdie filosowe enige sin te hê nie. Die eksistensieteoloog ervaar derhalwe selfs die „dood van God". Waar God sterf, moet vanselfsprekend alle sin wyk. Wetenskaplikes wat die wetenskap bloot terwille van die wetenskap beoefen, dus geen doel bo die feitelikheid erken nie, bevorder noodwendig die gevoel van absurditeit wat hom in ons tyd van so baie harte meester gemaak het. „Neutrale" wetenskap, sowel as „neutrale" onderwys werk dus só mee tot die ervaring dat daar geen God in hierdie wêreld werksaam is nie. Waar die klem in die skool dus bloot op die feite gelê word as „neutrale" gegewens wat maar net geken moet

word, word meegewerk aan die sekularisme, 'n lewenshouding wat daarop neerkom dat God geen relevansie vir die dinge van hierdie lewe en wêreld het nie. Veelal is dit die geval in ons skole dat daar oppervlakkiglik op die feite gekonsentreer word, sonder om na die beginsel wat daaraan ten grondslag lê te vra. Daar is 'n geweldige behoefte aan beginselgefundeerde wetenskapsbeoefening, d.w.s. Christelike wetenskap en Christelike onderwys.

Ten einde Christelike wetenskapsbeoefening en Christelike onderwys tot hulle reg te laat kom moet 'n heldere besef van die Skrifbeginsels gekweek word. Hierin het die Godsdiensonderrig 'n besondere taak. Boerwinkel het reeds meer as 'n dekade gelede in „Wending" daarvoor gepleit dat die isolement van die godsdiensonderrig deurbreek moet word omdat "alle vakken onderwijs geven in het dienen van God ....."[1] Die godsdiensonderrig moet dus nie as „iets anders", iets sakraals", „iets heligs" gesien word nie, maar „gesekulariseer " word in dié sin dat dit lig werp op elke lewensterrein. Nooit moet die godsdiensonderrig lewensvreemd wees nie. Lewensvreemd is dit inderdaad wanneer daar net in die godsdiensonderrigklaskamer op 'n sg. „gewyde stemming" aangedring word, wanneer net die godsdiensonderrigperiode met gebed geopen word, wanneer in die Bybelklas opgeruimdheid taboe verklaar word, wanneer die Bybelaantekeningboek met 'n besondere sorg gehanteer moet word, ens. ens., terwyl van

1) Meesters, J.H., Het godsdienstonderwijs op de middelbare school. Opdracht, 16(1): p. 3, Sept. 1968.

hierdie sake in die aardrykskunde- of wiskundeles niks gerep word nie! Die Christelike onderwyser sal altyd bewus daarvan wees dat álle vakke onderwys gee in die dien van God. Dr. Meesters pleit daarvoor dat gods=diensonderrig van „Fremdkörper" tot „voortrekker" moet verander en so die voortou moet neem t.a.v. didaktie=se vernuwing op hierdie gebied.[2)]

In ons tyd van verbasende wetenskaplike en teg=niese prestasies is dit ondebatteerbare eis dat die evangelie steeds in die nouste verband met die magte van wetenskap en tegniek moet staan en die sekularisme te bestry en 'n gesonder sekularisasie te bevorder.[3)] Eintlik moet die verbande tussen wetenskap en tegniek enersyds in die evangelie andersyds nie deur die onder=wyser gelê word nie, asof dit 'n kunsmatige toevoeging van buite is nie, maar dit moet ontdek, blootgelê, aangedui, geformuleer en geïnterpreteer word vir die moderne kind.[4)] Dit sal veral die taak van die gods=diensonderrigonderwyser wees om die leerling van die begin van sy skoolloopbaan af daartoe op te voed om nie teenoor die wetenskap te staan nie, maar om weten=skapsvorming as Goddelike opdrag te beskou en om die produkte van die wetenskap as 'n Goddelike genadegawe dankbaar te geniet.

Ons tyd, met sy sekularisme en God-loosheid, roep luid na 'n Christelike benadering van die lewe, d.w.s.

2) Ibid., p. 4.
3) Vgl. pp. 9, 78, 134, 269.
4) Vgl. Heyns, J.A., Sterwende Christendom? p. 182.

na Christelike onderwys en Christelike wetenskap.[5)] In die eerste instansie sal dit die Godsdiensonderrig wees wat die weg moet aandui. Wanneer daar nie met God rekening gehou word in die beoefening van die we=tenskap of in die onderwys nie, sodat daar vir Hom net 'n provinsie van religieuse ontroering oorbly „sterf" God inderdaad in hierdie wêreld. As God net die ver=klaring is vir wat nog nie verklaar kan word nie, net daar is om lewensraaisels op te los en ons te bewaar teen gevare, in die woorde van Bonhoeffer: „gate-vuller" is, is dit vanselfsprekend dat Hy moet wyk voor die wetenskaplike veroweringe, want namate die weten=skap ontwikkel, ontstaan verklaringe vir die onver=klaarde, word lewensraaisels opgelos en bedreiginge, besweer, en ...... só word God oorbodig! Daarom is dit eenvoudig eis dat God in die volle lewe moet staan (soos Bonhoeffer sê), en nie net relevant is in die grenssituasies nie. In die volheid van wetenskaplike en tegniese prestasies moet God staan!

Die godsdiensonderrigonderwyser moet daarmee erns maak om in ons tyd uitdrukking te gee aan 'n egte en gesonde sekulêre verstaan van die Skrif. Dr. Heyns som die taak van die kerk en skool goed op as hy skrywe: „Meer as ooit sal die aardse of wêreldse betekenis van die Christelike geloof aangetoon moet word, want 'n wêreldvreemde godsdienstigheid is nie alleen kragteloos in sy appél op die mens van ons dag nie, maar ook nie in ooreenstemming met die boodskap van die Skrif nie"[6)]

5) Vgl. pp. 4, 78, 80, 114, 134, 283, 344, 345, 349, 356, 369, 392, 393, 400

6) Ibid., p. 183.

Verder: „Die Christelike godsdiens sal sy lewenskrag=tigheid behou alleen wanneer en solank as wat dit as menslike lewenswerklikheid 'n antwoord is op die God=delike lewenswerklikheid. Dit beteken dat God vir die mens 'n lewenswerklikheid moet wees - dat die mens, daar waar hy leef en beweeg, dink en arbeid, speel en ontspan, God, sal ontmoet. Die Christelike denke sal hom opnuut aan die Bybelse openbaring moet onderwerp en in 'n daadwerklike betoning van gees en krag getuig van 'n teenwoordige en werkende God ook in die nuwe kultuursituasie van ons dag. God moet weer in die wê=reld - in hierdie sekularistiese wêreld - teruggebring word. Liewer: Dit moet duidelik word dat Hy nog al=tyd hier is."[7)]

Ten einde die absurditeitskultus in ons tyd doel=treffend te kan weerstaan, moet die onderwyser waak teen alle vorme van verbalisme, 'n gevaar wat volgens Prof. Waterink in die godsdiensonderrig, veral die kat=kisasie (ook in Suid-Afrika - J.H. v. W.) vandag nog nie oorwin is nie. Die godsdiensonderrigonderwyser moet in elke Bybelles daarna strewe om die leerlinge die sterk samehang tussen waarheid en werklikheid te laat insien. Hy moet daarteen waak dat sy godsdiens=onderrig 'n opeenstapeling van mededelinge omtrent die waarheid word; sulke mededelinge, wat los van die waar=heid staan, bly vir die kind in 'n soort Niemandsland hang sodat daar op die ou end 'n dualisme groei tussen dit wat hy moet glo en dit wat hy moet leer. „Neutrale" onderwys, 'n onderwys waarin die „feite" met die Woord van God niks te make het nie, steriliseer die feite om=

7) Ibid., p. 184.

dat dit die kind wel met dinge in aanraking bring, maar dan sonder dat die kind die religieuse agtergrond van die dinge insien. Elke feit wat só van die lewens=werklikheid wat die kind omgeef geïsoleerd bly en wat los van die Woord van God staan, bly onvrugbaar.[8)]

Dit is die taak van die Bybelonderwyser om die Skrifbeginsels te ontdek, aan te dui en die toepassing daarvan in die praktyk van die lewe te toon. Feite bly per slot van sake sinloos, onwetenskaplike gege=wens, as dit nie geïnkorporeer word in 'n totaal van feitelikhede nie. En dié totaal van feitelikhede word georden tot wetenskap vanuit 'n bepaalde visie op die lewe.[9)]

In die Bybelles moet die regstreekse verband tus=sen die godsdiensonderrig en vakke soos taal, reken=kunde, geskiedenis, natuurwetenskap, ens. duidelik na vore tree. Die kind moet nooit die indruk kry dat hierdie vakke op ander terreine beweeg as die godsdiens=onderrig nie. Die diens van God, die gehoorsaamheid aan God se gebooie en verordeninge, die openbaring van ons liefde teenoor Hom, ons daaglikse gebed, ja ons hele lewe staan in regstreekse verband met alles wat die kind op skool leer.[10)]

Die Christen van ons tyd sal weer moet leer om in die lig van die misterie van die vleeswording van die Woord en in die Christusontmoeting in prediking en

8) Vgl. Waterink, J. Grondslagen der didactiek,ppp, 85, 86.

9) Vgl. Ibid., p. 64.

10) Vgl. Ibid., pp. 129. 130'

godsdiensonderrig sy daaglikse worsteling met sy son= dige menslike bestaan in die uitvoering van sy op= drag tot bewoonbaarmaking van hierdie wêreld te ont= dek en te beleef as 'n samesyn met sy heilbewerkende God. Want in Christus het God ingegaan in ons mens= like bestaan wat van Hom vervreem is deur die sonde; sô wil Hy juis sy skepping van binne uit verlos. Daarom moet ons die kinders daartoe opvoed om God nie te soek bo of buite ons bestaan nie. Die kind moet leer om in Christus die skepping te belewe as Verbond, as 'n saamlewe met die Vader. Die kind moet daartoe gebring word om sy eie bestaan voortdurend te belewe as Godsontmoeting. In en deur Christus staan hierdie aardse werklikheid, ons hele menslike bestaan, nooit neutraal teenoor God nie. Daarom kom die kind in die Christusontmoeting in sy daaglikse werk sy bestaan op hierdie aarde belewe as 'n sonde-oorwinnende Gods-ont= moeting. Ons kinders moet op 'n nuwe spoor gesit word. Die dualisme tussen leer en lewe, geloof en wetenskap, moet oorwin word. Vanuit die menswording van Jesus Christus en sy menslike gehoorsaamheid moet 'n nuwe geloofslig val oor heel die aardse werklik= heid.[11)]

Al die pleit vir vernuwing in die godsdiensonder= rig, al vind dit ook inslag in die praktyk van die on= derwys, sal tevergeefs wees as daar nie in die ander vakke van die skool egte Christelike onderwys gegee word nie. Ons antwoord op die moderne problematiek,

11) Vgl. Fiolet, H.A.M., Vatikanum II als uitgangspunt van een vernieuwde geloofsbezinning. (In Berkouwer, G. C. & Van der Woude, A.S., Revolte in de theologie, pp. 104-115).

veral die uitdagings waarvoor die moderne wetenskap en Skrifkritiek ons stel, kan nie bestaan in 'n deursny van die band tussen geloof en aanskouing nie. Só word die geloof dan geabstraheer en die aanskouing geseku= lariseer. Só is dit maar net 'n gedoemde poging om die duiwel met Beëlsebul uit te dryf. Nie net in die groot wêreldgebeure nie, maar ook in sy naaste omge= wing moet die kind leer om rond te kyk om die positie= we tekens van Christus se heerskappy (tot ver buite die Christelike gemeente) te ontdek en om die anti-Christelike tendense (tot in die hart van die kring van gelowiges) te ontdek en te bestry. Slegs só, as die kind dus deelneem aan die sin van die geskiedenis, word ook die sin van sy eie lewe vervul. As die kind geleer het om die positiewe tekens van Christus se heerskappy in die wêreld en in sy eie lewe te ontdek en te belewe, sal alle absurditeit vir hom verdwyn. Dan tas hy nooit blindelings rond in sy eie skynbare sin= lose bestaan nie; dan kry sy eie lewe sin, dan leef God vir hom in hierdie wêreld. Die onderwyser moet daar altyd bewus van wees dat dit in die voleinding moet blyk dat hy en die kinders wat aan sy sorg toever= trou is, bygedra het tot die deurwerking van die Konin= kryk van God in die wêreld.[12)]

Die skool wat nie egte Christelike onderwys gee nie, die universiteit wat nie egte Christelike weten= skap beoefen nie, gaan voort om skizofrene te kweek, die dualisme tussen Godsdiensonderrig en „sekulêre" onderrig te verdiep. Keith Wilkes skrywe in die tyd=

12) Vgl. Berkhof, H., Christus de zin der geschiede= nis, veral p. 192.

skrif „Learning for Living": „There must be a proper dialogue between the Gospel and technological culture. Nowhere is this more important than in the field of education"[13] Ons tegnologiese era bied ons 'n vry=heid soos nog nooit tevore nie, maar dit bring ver=antwoordelikhede van 'n aard waarvan ons nie kan droom nie. Dit gee ons as Christene die geleentheid om 'n groter aandeel aan die toekoms van die wêreld te neem as ooit tevore. Dit bied verder die geleentheid aan die gelowige om te geniet en te speel soos nooit te vore nie. In die godsdiensonderrig moet 'n positiewe „ja" uitgespreek word teenoor die potensialiteite van die nuwe kultuur omdat dit gawe van God is, dit is sy genadige voorsienigheid. Daarom, sê Wilkes, „Christi=ans ought to be in it and for it, up to the neck."[14]

Die wonderlike magte van die moderne tegniek kan ten kwade of ten goede aangewend word: om te vernie=tig, sowel as om te skep; om die mens te dehumaniseer, of om hom groter waardigheid te verleen. Dit verhoog juis die verantwoordelikheid van die mens!

Daarom

* moet die leerlinge in die skool daartoe gelei word om te ontdek en te beleef dat God die Bron en Ba=sis van dit alles is;

* moet die jeug gelei word tot besef van geroe=penheid tot verantwoordelike kultuurvorming;

13) Wilkes, K., The living God in our technological age. Learning for living, Sept. 1968, p. 20

14) Ibid., p. 21.

* moet die kind leer om die kultuurkragte met sorg en liefde te beskou en hanteer;

* moet die kind opgevoed word tot verantwoordelike humaniteit;

* moet die kind leer om te besef dat mag en beheer self deur die liefde diensbaar moet wees.[15)]

Die skool is dus geroepe om die Christelike onderwys só te fundeer dat die hele gebou bestand is teen die storms van die aanvalle van die eksistensialiste en radikaliste van ons tyd. En hierin moet die Godsdiensonderrig die voortou neem.

## 3 Die Bybelles

### 3.1 Die doel van die Bybelles[16)]

Doelgerigte optrede het sin; doellose handelinge is sinloos. Om dus sinvolle godsdiensonderrig te gee, moet die onderwyser bo alles helderheid hê met betrekking tot sy doel, algemeen sowel as besonder. Die doel van die godsdiensonderrig staan in die nouste verband met die doel van die Godsopenbaring (die Bybel self), die doel van die menslike lewe en die doel van die kosmos as geheel.

Die algemene doel van die Bybelles word gewoonlik geformuleer as die opvoeding van die kind onder die

15) Vgl. loc. cit.
16) Vgl. p. 196.

seënende hand van God „tot mense wat vir elke goeie werk toegerus is, d.w.s. mense wat God ken, liefhet, en dien in Jesus Christus, mense wat leef tot eer en verheerliking van die hoë God wat Homself in die By= bel aan ons openbaar" en as toerusting van die kind „vir hierdie en die toekomstige lewe tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus."[17)]

Die vraag ontstaan of hierdie doelstelling, selfs as algemene oogmerk, nie té algemeen geformuleer is nie. Is die onderwyser bewus van wat dit presies alles inhou? Om tot 'n korrekte algemene doelstelling vir die gods= diensonderrig te kom moet die volgende eers in ag ge= neem word:

* Die Bybel is die Boek van God se openbaring; God moet dus daaruit geken word, sodat die kind Hom na Goddelike eis kan liefhê en dien.

* Die Woord van God is aan die mens gegee om te dien as lamp vir die voet en as lig op die pad. Die doel met die godsdiensonderrig moet dus reken met die mens in sy konkrete situasie, met sy probleme en suk= sesse, sy smart en sy vreugde.

* Die mens is 'n religieuse wese; hy moet ge= lei word tot 'n lewende geloof in God deur Jesus Chris= tus. Uit die Bybel leer hy hoe om God te verheerlik, hoe groot sy sonde en ellende is, hoe hy salig kan word en hoe hy God in dankbaarheid deur sy goeie werke van Godsverering en naasteliefde kan dien.

17). Van Wyk, J.H., e.a., Bybellesse vir Sts. 3 - 5, die voorwoord.

* Sedelikheid is nie 'n saak van onderlinge oor=eenkoms tussen mense nie, maar dis Goddelike eis. Die mens se bestaan bring hom in aanraking met mense en dinge; teenoor hulle het hy 'n etiese roeping, 'n ver=antwoordelikheid, moet hy in sinvolle dialoog staan. Sy naasteliefde moet uitloop op diens, hulpbetoon en bystand, oor die natuur moet hy verantwoordelik heers; kultuur moet hy in gehoorsaamheid aan God vorm tot eer van God en tot diens van sy naaste en homself. In die godsdiensonderrig moet die kind dus ook gelei word tot egte naasteliefde en -diens en tot Christelike kultuur=vorming; hy moet met 'n Christelike lewens- en wêreld=beskouing toegerus word. Die ganse kosmos, God se skepping, moet vanuit Christelike visie gesien word. Indien die mens die taal van sy naaste en die spreke van die dinge wat hom omring nie sinvol kan interpre=teer nie, is die dialoog, die kommunikasie verbreek, is sy eie bestaan vir hom duister en sinloos. Deur die godsdiensonderrig moet die kind leer om die sin van sy bestaan in hierdie wêreld in te sien. Die Bybel gee 'n gelowige visie op die geheel, dit open 'n per=spektief ook op hierdie lewe. Mens sou dit bestaans=verheldering kon noem. Uit die Skrif moet die kind leer wat dit is om in hierdie wêreld gelowige te wees. Die snelle tegnologiese ontwikkeling van ons tyd laat die mens geestelik uit pas raak. Meer as ooit moet die godsdiensonderrig hom toespits op die geestelike vorming van die jeug ten einde die „menswees" te red.

* Alle lewenterreine van die mens moet in die ligkring van die Godsopenbaring getrek word. Die godsdiensonderrig moet die lig van God se Woord op

alle lewensterreine laat val: op die natuur, die mens=like denke, sy kultuurvorming, die samelewing, die ekonomie, die kuns, die reg, die etiese en die gods=dienstige.

* As aangesprokene van God is die mens antwoor=dende wese; hy is geroepe tot verantwoordelike eksis=tensiële beslissings. Dit kan dus nooit die doel van die Bybelles wees dat die kind maar net moet kennis neem van sekere feitelikhede nie. Die les moet hom eksistensieel aanspreek. Opvoeding tot verantwoorde=likheid en gewetensvorming is dus belangrike aspekte van die algemene doel met die godsdiensonderrig.

* Omdat die Skrif tot die hele mens gerig is, moet dit ook verstandelik vorm en opvoed. Dit moet die kind se kennis verbreed en sy oordeel vorm.

* Die mens is sosiale wese en moet ook vir die sosiale lewe vanuit God se Woord onderrig word. Die kind moet uit die Bybel leer wat sy interpersoonlike verhoudinge moet wees: sy verhouding tot die wat oor hom gestel is, sy gelykes, dié wat onder hom gestel is. Godsdiensonderrig moet opvoed tot die regte siening van gesag, naasteliefde en naastediens.

* Die Woord van God openbaar die hoogste skoon=heid. Ook skoonheid is nie 'n saak van menslike oor=eenkoms nie, maar van Goddelike openbaring. Die taak van die godsdiensonderrig is dan ook om die Skrifnor=me vir die kuns aan te dui. Veral in ons tyd van estetiese verwildering is estetiese vorming na die eis van die Skrif noodsaaklik.

* Die mens is ook psigiese wese en daarom moet die psigologie van die kind ook meespreek in die for= mulering van die doel van die godsdiensonderrig. Die aard van die kind mag nie misgekyk word nie. Daar moet met sy aard en vermoë gereken word. Geen enkele feit van kinderpsigologiese aard mag verwaarloos word nie.

* Die mens is ook liggaam-wese. Die Skrif het 'n verhewe opvatting oor sy liggaam. Dit is 'n tempel van God wat nie geskend mag word nie. Dit het selfs ewigheidsbetekenis: dit sal opstaan en vir ewig voortbestaan op die nuwe aarde. Die godsdiensonder= rig moet die kind dus leer om sy liggaam hoog te skat te versorg en te vertroetel, maar nie te aanbid nie, want die Skrif leer ook die verganklikheid van die liggaam.

Samevattend kan die algemene doel van die gods= diensonderrig dus só gestel word:

Die godsdiensonderrig het tot doel

* Om die God van die Bybel aan die kind in sy besondere leefwêreld, in sy konkrete situasie, hier en nou, bekend te stel sodat hy Hom sal ken, liefhê en dien uit 'n lewende geloof deur Jesus Christus op al= le lewensterreine:

<u>die terrein van die moraal</u>: sodat sy naasteliefde, gewortel in Godsliefde tot egte naastediens sal ontplooi en sodat hy verantwoordelike eksistensiële be= slissings in hierdie wêreld sal kan neem en verantwoor= delik, ooreenkomstig die beginsels van die Skrif teen=

oor mens en wêreld sal kan optree;

<u>die terrein van die kuns</u>: sodat hy 'n gesonde estetiese oordeelsvermoë gegrond op Skrifnorme, kan ontwikkel;

<u>die terrein van die ekonomie</u>: sodat hy ook hier die beginsels van die Skrif kan nastreef en uitleef;

<u>die terrein van die samelewing</u>: sodat hy die regte Skriftuurlike beskouing oor gesag en interper= soonlike verhoudinge sal huldig en 'n gesonde poli= tieke oordeel kan ontwikkel;

<u>die terrein van die kultuur</u>: sodat hy kan mee= werk aan 'n Christelike kultuurvorming wat tot eer van God en die beswil van die mens strek;

<u>die terrein van die denke</u>: sodat hy ook sy ver= stand sal onderwerp aan die diens van God, sodat sy wetenskap en tegniek in diens van God en sy maaste sal staan;

<u>die terrein van die natuur</u>: sodat hy die sonde daarin sal herken en bestry en die natuur deur ver= antwoordelike kultivering in diens van God en sy naas= te sal stel, die wette van God daarin sal eerbiedig en die sprake van God gelowig daaruit sal verneem.

<u>die terrein van die liggaamlike</u>: sodat hy die liggaam as tempel van God reg kan waardeer en versorg, dit nie sal minag nie maar ook nie sal vergoddelik nie.

Indien hierdie algemene doelstelling in die gods= diensonderrig nagestreef word, sal die kind gaande=

weg leer dat God 'n lewende God is wat relevansie het vir die hier en die nou van elke mens, ongeag sy leef=tyd of situasie, ten opsigte van alles wat bestaan en gebeur; dat God dus nie net in die grenssituasies van die lewe te vind is nie, maar selfs in die doodgewone dinge van elke dag.

Die besondere doel van elke les sal afhang van die doel van die besondere Skrifgedeelte asook van die aard van die kind (sy ouderdom, milieu, probleme, be=hoeftes, vreugdes en smarte). By die vasstelling van die besondere doel van 'n bepaalde les, sal die onder=wyser eers antwoorde op die volgende vrae moet vind:

* Wat wou God in hierdie Skrifgedeelte aan die mense van daardie tyd in hulle besondere situasie open=baar?

* In watter besondere situasie het die mense van daardie tyd verkeer?

* Wat dra normatiewe gesag en wat historiese ge=sag in hierdie Skrifgedeelte?

* Wat is die diepe sin van die Skrifgedeelte, veral in ons tyd vir hierdie kind(ers) in sy(hulle) besondere situasie (leeftyd, probleme, vreugdes, ens.) m.b.t. die religie, die sedelike, estetiese, kulturele, sosiale, ens?

* Voor watter verantwoordelike beslissings stel hierdie Bybelgedeelte die kind van nou?

## 3.2 Aktualiteitseis[18)]

Daar is vandag 'n ander visie op die didaktiek as vroeër. Die opmerklikste verskil is hierin geleë dat die didaktiek allereers poog om aktueel te wees. Daarvoor is daar goeie redes: Die kind lewe vandag, nou, nie in die tyd van Karel die Grote of in die tyd van die rigters van Israel nie. Hy leef in 'n situ=asie wat bepaal word deur die gesin tuis, deur die on=derwyser en die medeleerlinge by die skool, ja alle gebeurtenisse waarmee die kind te maak het en waarvan hy min of meer op hoogte is.

Hierdie kind word die kragtigste aangespreek deur sy eie hede. Die kind het met die verlede, ver of naby, slegs te maak vanuit sy eie hede. Net die hede bring hom in relasie met die verlede. So ook het die verdere omgewing slegs relasie vanuit die onmiddel=like omgewing. Wat naby is, lê die verband met wat verderaf is.

Dit behoort dus duidelik te wees dat dit geen sin het om van oorloë en vredes in die verre verlede te leer as mens nie eers insig gekry het in ons heden=daagse soeke na vrede tussen heersende of telkens weer dreigende oorloë in nie. Om dus werklik didakties verantwoord te kan plaasvind, moet die godsdiensonder=rig aktueel wees.[19)] „Een integrale didaktiek is steeds gebonden aan een bepaalde kulturele situatie, die ze

18) Vgl. pp. 121, 126, 131, 133, 244, 261.

19) Vgl. Van Haarden, J.J., Didaktiek, kategese, schoolradio. School en godsdienst, 22(2): p. 44, Febr. 1968

als didaktiek tot op zekere hoogte heeft te aanvaarden, waar ze zich uit eigen kracht maar zeer ten dele boven kan verheffen."[20]

Die leermeester sal dus gedurig moet toesien dat die samehang, die noodsaaklike verband tussen die leerstof en die eietydse kultuur gehandhaaf word. Deur die didaktiek word die kind gevorm, kry hy deel aan die goedere van die heersende kultuur en kry hy ook deel aan die godsdiens en wat daarmee saamhang. Wie 'n geloof van voor die tweede wêreldoorlog leer, faal didakties en doen daardeur die kind wat in die aktualiteit staan wesenlik te kort. Slegs die hede is vir hom sinvol.[21]

Die onderwyser moet daarteen waak dat die godsdiensonderrig geïsoleer word van die alledaagse. Hy moet nie van die Bybelse gebeure iets vreemds uit 'n ver, Oosterse of hemelse land maak, wat nouliks of glad nie in die konkrete situasie hier en nou tuisgebring kan word nie. As die godsdiensonderrig nie in die geheel van die skool en die lewe van die kind inpas nie, kom daar weinig van tereg. Uit didaktiese oogpunt is dit heeltemal oorbodig en volkome nutteloos om van die sterk Simson te vertel as dit slegs aangebied word as 'n verhaal van 'n geweldige mens en nie as die handeling van God ten voordele van sy volk en ook van ons, d.w.s. ook die kind self nie. As die laaste nie gebeur nie, word die verhaal uit sy verband geruk en het dit teks nog konteks, „is het slechts loos alarm voor

20) Brus, B. Th., Didaktiek naar menselijke maat, p.37.
21) Vgl. Van Haarden, J.J., op. cit., p. 45.

de kinderlijke emotie en houdt het geen enkele boodskap in ....... als het niet doorkomt als boodschap aan het heden en boodschap in relatie met het heden is het .... verboden om dergelijke verhalen te vertellen"[22]

Oordraging van leerinhoude kan slegs sinvol plaas=vind as dit gebeur vanuit die aktualiteit, d.w.s. die realiteit, waarin die kind leef.[23] Daarom moet die Bybelles nie wees asof dit uit 'n verre wêreld kom nie nie-bouend, nie-fassinerend, onaantreklik - en dit vir die mens wat so graag leef met die dinge van elke dag.[24]

Die godsdiensonderrigonderwyser moet ook waak dat hy nie, soos alte dikwels gebeur, die koninkryk van God verplaas na die hiernamaals nie. Die geregtigheid, liefde en vrede, troos en traneloosheid (2 Petr. 3:13; Openb. 21:4) moet hiér beoefen word as begin, as inset van die Eschaton, want „ ..... de hoop op het radicaal nieuwe eindrijk geeft hem (d.i. die Christen - J.H.v.W.) de stimulans om zich neer te leggen bij een op deze wereld reeds behaalde overwinning, want historisch zul=len we nooit kunnen zeggen: dít is de beloofde Toekomst. Degene die dat wél zegt, werd door het evangelie de anti-christ genoemd. Christendom implizeert wezenlijk na-aards leven."[25]

22) Ibid., p. 45.

23) Vgl. Ibid., p.47.

24) Vgl. Zuidhof, J.P., Proewe van een eigentijdse kategese. VERBUM, 34(10): p. 328, Okt. 1967.

25) Schillebeeckx, E. Zwijgen en spreken over God in een gesekulariseerd wereld. Tijdschrift voor theologie, 7(4): p. 352, Okt. - Des. 1967.

Die Bybel moet nie net gelees of vertel word nie, maar ook verklaar word, anders, so druk dr. G.J. Kotzé dit uit, kyk die Bybel die mens (dus ook die kind) aan soos een of ander beeld uit 'n oudheidkundige museum.[26] Die Woord van God bevat nie abstrakte en tydlose waar=hede wat algemeen toeganklik is nie. Dit is die kon=krete, eenmalige openbaringswoord wat in hierdie kon=temporêre tyd na ons toe kom. Die Bybel is geen alge=mene, ongeadresseerde teoretiese waarheid nie. Elke Bybelboek het 'n adres: lewende mense. Die Bvbel moet aan die kind verklaar word (explicatio)[27], maar dit mag nooit in neutrale beriggewing of loutere kognitiewe informasieverskaffing ontaard nie. Die tyd=lose sin in die Skrif moet ontdek en gebruik word in die „applicatio". Die sin van die Skrifgedeelte soos wat dit betrekking het op die konkreetheid van die mens „hic et nunc", moet deurgegee word: die kind in sy besonderheid en uniekheid, as kind van 'n bepaalde tyd, verbonde met 'n bepaalde „Umwelt" en kultuurniveau. Nooit mag die Bybelles 'n neutrale waarheidsmededeling wees nie - dit moet 'n konkrete, eksistensiële aanpraak van konkrete geadresseerdes wees.[28] Die onderwyser moet onthou dat die ganse inhoud van die Skrif 'n kon=krete werklikheid is en dat dit betrekking het op die totale mens.[29] Dit bevat beginsels waarvolgens die mens se totale lewe ingerig behoort te word. Abstrak=te en tydlose lesse bevorder die „dood van God"-teorie in die wêreld. Daarom moet elke les tyd- en lewens=

26) Kotzé, G.J., op. cit., p. 25.

27) Vgl. hfst. 6. pp. 126, 133, 244, 250, 261.

28) Vgl. pp. 126, 133, 244, 250, 261.

29) Vgl. pp. 201-209.

gebonde wees, 'n dialoog tussen Woord en eksistensie, 'n indringe in die totale lewenswêreld van die mens.

Dit leer die eksistensialisme ons: Die onderwy=ser moet vlak by die individuele kind staan want hy het solidêr te doen met die mens van ons tyd. Die bood=skap van die Woord van God mag nie tydloos bo die mas=sa beweeg nie.[30)]

Dit alles beteken nie dat die les ingeklee moet word na die outonome smaak van die gehoor nie, maar dit beteken wel dat dit moet ingaan op dit wat as vraag leef in die hart van die kind.[31)] In geen opsig moet die boodskap van die Skrif langs die kind verbygly nie. Van Ruler het die saak raakgevat toe hy geskrywe het: „Die eewigheid is geen escape uit de tijd, maar een ac=cent op de tijd."[32)]

In ons tyd moet in die godsdiensonderrigles vrae soos die volgende aan die orde kom: Wat is geloof? Wie is Jesus? Ook: kerk en wêreld, God en wêreld, skep=ping en evolusie, ekumene, ens.[33)] In die Bybelles moet veral die besprekings en werkopgawes gekoppel word met sake van die dag: V.V.O.-besluite, Wêreldraad van Kerke, rassevraagstuk, afsonderlike ontwikkeling, ter=rorisme, betogings, ens. Juis omdat hierdie vak mees=

30) Vgl. D'Assenville, V.E., Eksistensialisme 'n vals sleutel vir die prediking. <u>In die Skriflig</u>, 2: p. 30, Febr. 1967.

31) Vgl. p. 131.

32) Van Ruler, A.A., Menselijheid in de theologie. (Kamper Cahiers, no. 3), p.7

33) Verbeek, C.F.I., Op zoek naar eigentijdse kategese. <u>Opdracht</u>, (16) 4-5: pp. 8-16, Mrt. 1969.

al geen eksamenvak is nie, kan 'n weg ingeslaan word wat wegdraai van die tradisionele inhoud en oorgele=werde onderwysvorme en kon die vak só gedoseer word dat die belang daarvan immanent duidelik is. Só kan en moet liberalisme, kommunisme, konserwatisme, progressiwisme, e.d.m. aan die orde kom. En in al hierdie besprekings moet op posisiekeuse afgestuur word - dít is opvoeding tot verantwoordelikheid.[34) Godsdiensonderrig kan nooit bloot 'n „orientatie in een situatie ..... waarin de jongeren zelf hun weg moeten vinden en waarin er ruimte is voor ‚growth and vision'" wees nie, of soos Loukes sê: „....what our children ask of us, quite simply, that we should help them to grow and see" nie.[35)]

Drs. A.D. Bakker stel dit goed as hy meen dat die doel van die skool met die godsdiensonderrig moet wees: <u>informasie</u>, met die oog op <u>partisipasie</u> waarby beide resulteer in <u>kommunikasie</u>.[36)]

## 3.3 Belewing[37)]

In die skool word soveel klem op feitekennis gelê dat mens wonder of die Bybel werklik vir onderwyser en leerling 'n bron van inspirasie is en of die Bybel só

34) Vgl. pp. 127, 133.

35) Meesters, J.H., Het godsdienstonderwijs op de mid=delbare school. <u>Opdracht</u>, 16(1): p. 5, Sept. 1968.

36) Bakker, A.D., Wat wij geven en wat zij vragen. <u>Opdracht</u>, 16(1): p. 23, Sept. 1968.

37) Vgl. pp. 133, 201.

werklik die harte van die kinders verower. Lê dit nie maar nog te veel as „Fremdkörper" in die samele=wing nie? Die Bybel word wel veel bewierook, maar word dit werklik beleef?

As Lottmann en Koenen van die godsdiensonderrig in die kerk sê: „Het heeft met de polsslag van het moderne leven amper iets van doen"[38], kan ons dit in baie gevalle ook op die Bybelles in die skool toepas. Mens tref by ons kinders 'n lydelike bekendheid met die Bybelverhale aan, maar weinig beamende vertroudheid met wat die Skrif ons eintlik te sê het. Die Bybel=les dra nog te veel die karakter van 'n les in Bybelse geskiedenis. Daar word van Adam af tot die Apokalips van Johannes 'n relaas die kind aangebied van alles wat in die Ou en Nuwe Testament gebeur het en dan speel dit alles af in „'n land van melk en heuning" met fi=gure uit onwesenlike tye. Te veel onderwysers beskou die Bybel as 'n arsenaal van wetenswaardighede: ou=derdomme, topografiese gegewens, koningshuise, styl=vorme, reise van Paulus, ens. Baie beskou kennis van hierdie sake as die aangewese weg om die jeug in die Bybel in te lei. Daar word só staatgemaak op die uit=houvermoë van die leerlinge omdat as eindresultaat ver=wag word dat hulle só „tuis sal raak" in die Bybel. Op dié wyse word die eintlike teks begrawe onder 'n reeks „weetjies" sonder dat enige verband met lewe en geloof aangetoon word. Loutere kennisoordrag kweek nog nie gelowige mense nie. Saaklike informasie is

38) Lottman, I. & Koenen, H., de Bijbel in de Kateche=se - kriterium voor het gebruik. VERBUM, 35(3): p. 91, mrt. 1968.

pas sinvol in so ver dit in diens staan van breëre vorming. Daar mag nooit 'n kloof bestaan tussen die lewe en die Boek van die lewe nie: In dié Boek moet die kind sy eie lewe herken en in sy lewe steeds die Boek. Boek en lewe hoort eenvoudig net bymekaar. „Het lijkt ons een gezonde stelregel om de bijbel al=leen dan te openen als hij niet uit de lucht komt val=len maar aansluiting kan vinden bij de gegeven situa=tie."[39] Die onderwyser moet egter daarteen waak dat hy die Bybel nie as illustrasiemateriaal gebruik van wat hy self wil sê nie. Hy moet getrou bly aan die ontstaansgeskiedenis van die Bybel self. Die Bybel het immers gegroei uit soveel konkrete situasies waar=in die gelowige deurlewing van die situasie sy neerslag gevind het in die Bybel - daarom staan die Bybel met beide bene op die grond. Geen enkele menslike werk=likheid is daaraan vreemd nie. Die Bybelse trou aan die werklikheid sal toetssteen moet wees vir ons han=tering van die Bybel in die godsdiensonderrig.[40]

Egte godsdienstige opvoeding moet sterk gerig wees op belewing. As die klem te veel op die ken val en te min op die kan, bring die Bybelles nie veel meer as 'n vernislagie aan nie. Die kennis wat die leerling ver=werf moet funksioneel wees - dan sal kennis en belewing geen teenstelling wees nie. Die kind moet meer tot verwondering opgevoed word. In die skool is daar ge=woonweg te min waaroor hy hom kan verwonder. Hy kry gewoonlik alles eenvoudig voorgesit. Hy hoef slegs

39) Ibid., p. 94.

40) Vgl. Te Woerd, J.W.F., Katechese en vernieuwing. School en godsdienst, 22(2): pp. 72-80, Febr. 1968.

maar te sluk en op die regte tyd weer te reproduseer. Daardeur gaan vir die kind die heerlike worstel om 'n oplossing en die vreugde van die vind verlore.[41] Di=dakties gesproke is tog slegs verwerkte kennis sinvol vir die leerling, iets vir hom werd, iets waarmee hy kan werk, vir hom verrykend. Persoonlik verwerkte kennis ontstaan ook net daar waar daar individualiserend onderwys word. Daarom is die verkondigingselement in die Bybelles so belangrik. Deur die kerugma word die Woord van God realiteit, gaan dit in vervulling, roep dit elke individu op tot gehoorsaamheid aan God. Wie van die Bybelles blote informasieverskaffing maak, 'n mededeling van feite wat deur die kind nie beleef word nie, beroof die evangelie van sy krag. Tot die verle=de tyd van die Bybel as die geïnspireerde boodskap van die dade van God, behoort ook die teenwoordige tyd van die toepassende werking van die Heilige Gees.[42] Van die „essential comprehension" van die Bybel moet dit beweeg na die „existential acceptance" daarvan.43) In die Bybelles moet Jesus vir die kind 'n realiteit word as persoonlike Saligmaker, Tydgenoot in geloof en lewe. Die leerling moet nie net uit die Bybelles leer dat Christus die sentrale plek in die geskiedenis van die verlossing van die groot wêreld beklee nie, maar dat Hy ook in die sentrum staan van die geskiede=

41) Vgl. Te Woerd, J.W.F., Katechese en vernieuwing. <u>School en godsdienst</u>, 22(2): pp. 72-80, Febr. 1968.

42) Vgl. Bijlsma, R., Schriftgezag en Schriftgebruik, p. 210.

43) Vgl. Müller, J.J., Exegesis and kerugma. <u>In</u> Biblical Essays, p. 231.

nis van sy eie lewe en sy eie klein wêreldjie. Die Bybelles moet die medium vorm waardeur die Heilige Gees die Christus van die Skrifte as Tydgenoot midde in sy problematiek en sy prestasie, sy vreugde en sy smart, sy planne en sy hoop, sy arbeid en sy spel plaas.[44)]

By die groter laerskool- en hoërskoolkinders is dit 'n vereiste dat, naas die Bybel, die leerlinge ook 'n Bybelatlas, fotos en sketse van Bybelse gebruiks=voorwerpe tot hulle beskikking het ten einde die By=belgebeure te kan belewe.[45)] Van dramatisering as 'n middel tot belewing moet baie versigtige en oordeel=kundige gebruik gemaak word om verskeie prinsipiële en praktiese redes. Dit gaan hier immers om Godsopen=baring wat nie „gespeel" mag word nie.

### 3.4 Opvoeding tot verantwoordelikheid[46)]

Volgens Prof. Nic Perquin is die doel van opvoe=ding die volwassenheid, in die geval van die godsdiens=onderrig godsdienstige of geloofsvolwassenheid.[47)] Al sal mens dit in hierdie lewe nooit volledig bereik nie, is daar tog 'n moment dat die jeugdige tot persoonlike verantwoordelikheid in staat is. Voed ons skoolbe=dryf werklik op tot verantwoordelikheid? Vertraag die klimaat van ons onderwys dit nie juis in baie gevalle nie? Gee ons skole die leerlinge die verantwoordelikheid

44) Vgl. Ibid., 230, 231.
45) Vgl. Hfst. 6, 13.
46) Vgl.pp. 15, 127, 133, 201, 245, 250.
47) Perquin, N. Pedagogiek, p. 43.

waartoe hulle in staat is? Kry die kind genoeg ruimte om te eksperimenteer, tot ontplooiing van inisiatief te kom? Ervaar die kind die skool, die klaskamer as sý ruimte, 'n ruimte waarvoor hy hom in alle opsigte medeverant=woordelik voel? Voed die inhoud en metode van die on=derwys die kind op tot verantwoordelikheid, tot mondig=heid; leer dit die kind dink, leer dit hom om homself uit te druk? Het veral die Bybelles nie te veel die karakter van blote napratery van die onderwyser op ge=sag en verantwoordelikheid van lg. nie? Veral die Bybelles moet daarop gemik wees om op te voed tot ver=antwoordelikheid. Geykte, afgesaagde werkopdragte deug nie. Só sinvol moet die werkopdragte wees dat die kind tot die besef gebring word dat iedere mens=like bestaan, elke daad, woord en gedagte verantwoor=delikheid impliseer.

Te veel word nog van die kind verwag om alles op gesag van die onderwyser, wat op sy beurt weer met die gesag van tradisie en konvensie na die kind kom, te aan=vaar. So word onverantwoordelike belyers gekweek. Solank geloof en geloofslewe nie berus op 'n persoonlik verworwe oortuiging nie, maar slegs op konvensie, sal die geloof gevaar loop in ons wêreld van kommunikasie aangesien kommunikasie met die wêreld daarbuite altyd 'n bedreiging vir alle konvensies, ook godsdienstige konvensionaliteit, inhou. Konvensionaliteit was nog nooit waarborg vir die feitelike besit van die waar=heid nie. Konvensionele godsdienstigheid werk 'n selfvoldane en bedenklike isolement in die hand. Kort=sigtigheid, onverantwoordelikheid en onverdraagsaam=heid is die onvermydelike skadusye van elke ongesonde

godsdienstige isolement.[48] Die mens van ons tyd is bowendien 'n oop mens - hy is nie so gemaklik aanspreek=baar vanuit 'n beroep op tradisie en konvesie nie.[49] Die huidige teologiese diskussie plaas die mens van ons tyd in die brandpunt, dit roep hom op tot verantwoor=ding van sy geloof. Daarom moet die klem in die gods=dienstige opvoeding so sterk val op die persoonlike verwerwing van 'n oortuiging, 'n geloof op eie verant=woordelikheid. Die Bybelinhoud is nie maar, soos voor=heen gemeen is, 'n objektiewe inhoud wat subjektief vir waar aanvaar moet word nie. Daarom is die Bybelles ook nie 'n objektiewe uiteensetting met daarna 'n: Nouja, kinders, wat beteken dit alles (objektief) nou vir ons persoonlik (subjektief)? D.w.s. objektiewe uiteensetting, subjektiewe toe-eiening; daarmee het ons afgedoen. Die heil lê nie, soos die 17e eeuse ortodoksie dit wou, op die mens en wag vir subjektiewe toe-eiening, toestemming, aanvaarding nie. Die heil is van begin af op die mens bedoel.[50]

### 3.5 Eksistensiële beslissing[51]

Daar lê besonder groot waarde in die huidige aan=drang dat die leerstof die kind eksistensieel moet aan=

48) Vgl. Van de Pol, W.H., Het einde van het conven=tionele Christendom, pp. 26, 29.

49) Vgl. Bavinck, J.H., De mens van nu, p. 58; ook p. 264.

50) Vgl. Van Niftrik, G.C., Theologische revolte. (<u>In</u> Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. Revolte in de t theologie, pp. 24, 25.)

51) Vgl. pp. 126, 127, 133, 250.

spreek. Tot dusver geld nog te veel: Die sillabus skrywe 'n sekere hoeveelheid kennis voor; as die onderwyser dit met die kind „deurgewerk" het, en die kind in die eksamen in staat is om daar redelik goeie feitelike verslag van te doen, is die taak volvoer! Waterink beskrywe hierdie toedrag van sake so: „ ... men deelt aan de kinderen kennis mee; men leert (d.i. onderwijst) hén , en zij leren, wat ze leren moeten. Straks weten ze dat. En dan is de zaak klaar."[52) ] Te veel word nog gedink dat om onderwys te gee dieselfde is as om 'n klein vaatjie uit 'n groot vat te vul. Só word alle verantwoordelikheid versmoor.

Op die Woord van God moet die kind innerlik en verantwoordelik „ja" sê. Die onderwyser moet 'n gemeganiseerde begrippevoorpratery vermy. As die eksistensialiste die innerlike, die eksistensiële beslissing, bo objektiewe kennis stel, is dit beslis die moeite werd om hulle 'n oor te leen. Die kind self wil ook nie maar net altyd napraat nie. Hy het daar behoefte aan om 'n besit worstelend te verwerf.[53)]

Jesus vorm steeds middelpunt en klimaks in elke Bybelles, só dat elkeen wat hom ontmoet, 'n allesbeheersende beslissing kan neem: Hom erken of verwerp. Die onderwyser sal egter moet waak teen metodistiese geesdrywery. Dit is nie wat hier bedoel word nie. Bedoeling is hier: Sowel die vertel as die beluister van die Bybelverhale vind slegs dán eg plaas as dit 'n beslissing inhou. Die Bybelse verhale is nooit

52) Waterink, J. Grondslagen der didactiek, p. 24.
53) Vgl. Ibid., pp. 34, 52, 56.

loutere „reportage" of geskiedskrywing nie en die be=luister daarvan nooit loutere passiewe toekyk nie.[54] Dit gaan nie slegs om gebeurtenisse in die verlede nie, maar om 'n beslissing nóú, in die hede, as onmis=bare sleutel vir die ontsluiting van die ware beteke=nis van die verhale en vir die werklike funksioneelwor=ding van die Godsnaam. Die geskiedenisse van Goddeli=ke, reddende, vergewende Aanwesigheid in menslike ge=beurtenisse is nie iets wat op homself staan nie; dit staan in betrekking tot verteller en hoorder; juis dít maak die verhale so eg en direk sodat dit steeds in relasie staan tot die hede van die konkrete mens. Ons moet daarop let watter belangrike plek woordjies soos „nou" en „vandag" in die Skrif beklee: Kies van=dag wie julle wil dien: vandag as julle sy stem hoor; nou is die dag van heil. Die hede van die genade laat die leser op die dag, ja die moment waarin hy hom be=vind, hom betrokke sien by dit wat in die verlede ge=beur. As Jesus sê: „Vandag is hierdie Skrif in jul=le ore vervul", is dit duidelik dat die nou, die hede waarin die Godsnaam verrassend aktueel werksaam blyk te wees, Jesus Self is.[55] Daarom moet elke Bybelles Christosentries wees; die beslissing waarom dit gaan, gaan wesenlik om die Persoon van Christus: wie nie vir Hom is nie, is teen Hom.

54) Vgl. Dijk, K., Bijbelvertelling en preek, pp.9-20.
55) Van Peursen, C.A., Hij is het weer! pp. 42, 43.
56) Vgl. pp. 168, 259, 360, 377, 432.

## 3.6 Selfstudie en vorming[57)]

Om intellektualisme, napratery en onverantwoordelikheid teë te werk, moet die onderwyser meer en meer die „begeleier" van die selfstudie van die leerling wees. Sy „lesgee", sy vertelling, sy „aan-die-woord-wees" is per slot van sake afgestem op die „luistergrens", die tyd waarin die leerlinge die gesprokene nog opneem. Hierdie situasie roep om 'n verantwoordelike leerstofkeuse, aangepas aan die niveau en leefwêreld van die jeugdige en om 'n eietydse didaktiek.[58)]

In die afgelope jare het „vorming" meer op die voorgrond gekom in die skoolopvoeding. Jeugdiges word attent gemaak op verskillende hedendaagse problematieke en menings, word gehelp om mee te dink en hom persoonlik met ons tyd en sy node te bemoei. Meer en meer wen die stelling veld: 'n vak wat slegs kennis oordra, beantwoord nie aan die doelstelling van onderwys en opvoeding nie. Resente ontwikkelinge in die sillabusse van verskillende vakke dui op groter integrasie van leerstof en vorming. Die stof stel eise, is objektief en die kennis daarvan is meetbaar. Vorming vra vryblywendheid en is nie met syfers te meet nie. In die „Katecheties programma" van die Rooms-Katolieke Kerk in Nederland word die vormingsdoel van die kategese omskrywe as „bestaansverheldering onder het licht van het Evangelie."

57) Vgl. pp. 246, 250.

58) Vgl. Gieles, P. Katechese op de middelbare school als gesekulariseerd vak. VERBUM, 35(1): p. 9, Okt. 1967.

59) Ibid., p. 11.

Wie van sy eie lewensoortuiging op die leerlinge wil oorbring, behandel die vormingsdoel as leerdoel.[60)] Die volwasse lewenshouding van die onderwyser kan nie sondermeer oorgeplant word op die leerlinge nie; hulle het reg daarop om vanuit hulle eie niveau van groei na volwassenheid aangespreek te word. Die leer= linge is nie noodwendig oortuig van dit waarvan die onderwyser oortuig is nie, en oortuiging kan die kind nie „opgelê" word nie. Nie-verwerkte oordele wat nie deel van die persoonlikheid van die kind geword het nie het weinig waarde. Die bestaansverheldering moet hom= self juis voltrek en groei deurdat die leerlinge omgaan met feite en meninge omtrent hulle bestaan, deur die bestudering en verwerking van die menslike lewe wat binne hulle eie gesigkring kan val. Godsdiensonderrig kan derhalwe nooit by onpersoonlike informasie bly staan nie. Die stof moet persoonlik verwerk word op die niveau van die leerlinge self. Die onderwyser moet meer begeleier in die groei van oordeels- en gewe= tensvorming by die leerlinge wees. Langsamerhand, deur te werk met feite en meninge op die gebied van die Bybelkunde, etiek, lewens- en wêreldbeskouing en ge= loof, sonder om 'n beroep te doen op 'n veronderstelde lewensoortuiging van die leerlinge, kan daar openheid groei tot 'n verantwoorde persoonlike keuse of beves=

60) Daar word onderskei tussen vormingsdoel en leer= doel. Eersg. wys op 'n lewenshouding, 'n aspek van volwassenheid. Die vormingsdoel is nooit onderwerp van die lesse nie. Historiese besef bv. ontwikkel en groei deur met historiese stof om te gaan, ens.

tiging van 'n vroeëre keuse. Die onderwyser moet voortdurend eis dat die leerlinge hulle oordele baseer op feite en argumente, op ervaring en werklikhede; dat hulle deeglik kennis neem van wat deskundiges gepubli= seer het; dat hulle hulle onderlinge diskussie baseer op verantwoorde gedagtegang. Uitgaande van feitelike leerstof wat as objektiewe gegewenheid aan die kind voorgelê word, wat via 'n gerigte didaktiek bestudeer en verwerk word, vakmatig en skools (in die goeie sin van die woord), kan mens uitkom by 'n nie-meetbare, vryblywende en baie persoonlike bestaansverheldering.[61)]

## 3.7 Die Bybel in die Bybelles[62)]

In die Bybelles moet die Bybel byderhand, in die hand of op tafel wees. Elke leerling moet ook 'n By= bel tot sy beskikking hê tydens die les. Dit sal voorkom dat die onderwyser oor die Bybel of Bybelinhoud sal spreek. Só spreek God se Woord self en nie die „slim" onderwyser nie. Ook voorkom dit die oewerlose gepraat wat mens dikwels in klas- en leergesprek aan= tref. In die gesprek staan die onderwyser te dikwels teenoor sy leerlinge. Sodra die Bybel egter op tafel kom, sit onderwyser en leerlinge saam rondom die Bybel. Dan is die onderwyser ook nie meer die outoriteit wat toespreek nie; dan word hy gewoonlik ook ietwat beskei= dener, want die Bybel maak klein; dan is die atmosfeer suiwer om aan die Skrif te vra wat gedoen moet word.[63)]

61) Loc. cit.

62) Vgl. pp. 152, 212, 260, 369.

63) Vgl. Lottmann, I., Ontmythologisering in de praktijk, VERBUM, 35(3), p. 104, Mrt. 1968.

## 3.8 Klasgesprek[64)]

Die klasgesprek as onderrigmetode behoort meer gebruik te word by die Bybelles; Minder toespreek, meer bespreek, moet die leuse wees. Die leerlinge moet die geleentheid hê om hulle bedenkinge en twyfel uit te spreek - daar moet nie maar net van hulle ver= wag word om te aanvaar wat die onderwyser sê nie.[65)] Saam met die leerlinge moet die onderwyser die sin van die Skrifgedeelte ontdek. Die onderwyser moet nie teties te werk gaan nie, maar steeds probeer om d.m.v. vrae die diepe sin van die Bybelverhaal te laat uitkom.

## 3.9 Die leerstof[66)]

Die Bybelse leerstof moet in die eerste instan= sie as geïntegreerd met die lewe en wêreld gesien word. Verder moet die onderwyser die leerling daartoe lei dat hy hierdie eenheid as geheel sien, dat hy ook die Bybelse leerstof in sy totaliteit sien, dat hy die hoofgedagte as saambindende faktor in die Skrif begryp. Die konkrete verkry sy sinvolle plek tog slegs in die kader van en samehang met die geheel. Hier het He= gel dit goed gesien: „Nur das Ganze ist das Wahre".[67)]

64) Vgl. pp. 127, 244, 250.

65) By verskeie Europese universiteite het hierdie saak in die afgelope tyd daartoe bygedra dat ernstige botsings en studentebetoginge plaasgevind het.

66) Vgl. pp. 152-183.

67) Szekeres, A., De antimetaphysische tendenties in de filosofie en Teilhard de Chardin. <u>Nedl. Theologisch Tijdschrift</u>, 22(1): pp. 19, 32, Okt. 1967.

Oor die verklaring van die Bybelse leerstof is reeds breedvoerig gehandel.[68] Maar die skoolsilla= busse bevat nie net direkte Bybelse leerstof nie; dit behels ook studie van Bybelse Aardrykskunde, oudheid= kunde en opgrawings, kerkgeskiedenis en geloofsleer. Oor eersg. drie is ook reeds in die vorige hoofstuk voldoende vir ons doel gesê toe die waarde van die kutuurhistoriese agtergrond en wetenskaplike ontdek= kings bespreek is.[69] Wat die kerkgeskiedenis betref, is dit voldoende om hier op te merk dat dit steeds in die nouste verband met hedendaagse kerk- en leerproble= me, die ekumene, sendingvraagstukke in ons tyd, ens. gedoseer moet word. Ook hier geld dat die verlede slegs vanuit die hier en die nou sin het en dat die hede deur die verlede verhelder word.[70]

Wat die geloofsleer betref; dit moet nie te intellektueel-abstrak en skematisties gedoseer word nie. Dan word die lewende geloof blote skema. Die onderwyser moet ook versigtig wees dat hy God nie ske= matiseer nie. Dié gevaar ontstaan bv. wanneer, soos al te dikwels, van die „eienskappe" (verkieslik „deug= de" of „volkomenhede") van God gespreek word en dan on= derskei word tussen sy „mededeelbare" en „onmededeel= bare" eienskappe, of wanneer gespreek word van die beeld van God in engere sin en in breëre sin, ens. Geloofswaarhede moet in die nouste verband met die le= we van die kind staan en nie as objektiewe gegewenhede aan die leerling „meegedeel" word nie. Die studie

68) Vgl. hfst. 6.

69) Vgl. pp. 344, 345, 351, 369.

70) Vgl. p. 182.

van die geloofsleer moet ook steeds rondom die oop Bybel onderneem word sodat die kind nie die waarhede van die onderwyser ontvang nie, maar self in die Skrif ontdek. Diskussie is by die behandeling van die geloofsleer hoogs gewens.

Ook die sedeleer (etiek)[71] behoort hom in ons tyd toe te spits op heersende lewensvraagstukke en wêreldprobleme , bv. vryheid en gesag; liggaamlikheid en seksualiteit; beroep as roeping; verstedeliking; verwêreldliking; vryetydsbesteding; vermaaklikheid en genotmiddels (in besonder verdowingsmiddels); persoonlike kontak en kommunikasie; hulp aan onderontwikkelde lande; regverdige rasseskeiding; afsonderlike ontwikkeling; oorlog en vrede; wêreldsgodsdienste; humanisme; kommunisme. In alle sillabusse is daar m.b.t. die sedeleer 'n gemis aan werklike aktuele temas.[72]

J.P. Zuidhof pleit daarvoor dat van die tradisionele leerstofrangskikking in die godsdiensonderrigwerkskema geheel-en-al afgesien word en dat daar op temas afgewerk word, temas wat nie vooraf vasgestel word nie, maar uit gegewe situasies opbloei. Daar moet dan nie meer „godsdiensonderrig gegee" word nie, maar „getuienis gegee word van Christus se boodskap" vir die besondere situasie. Die vrae waaruit die temas tevoorskyn kom, moet bloot uit die ervaring na vore tree. Die getuienis van Christus se boodskap skuil in die deurligting van en betekenisgewing aan hierdie ervaring. Dit kom dus daarop neer dat die

71) Vgl. pp. 1, 2, 183, 196, 267, 306.

72) Vgl. pp. 126, 130, 131, 133, 201, 244, 246, 261, 267, 426.

leefwêreld van die jeug, soos vertolk in hulle vrae, aan die onderwyser die opdrag gee om die antwoord van Christus se heilsboodskap te formuleer.[73)]

Só 'n werkwyse lewer egter metodologiese probleme: Daar kan nie aansluiting by vorige lesse plaasvind nie, die eenheid van die Bybelse boodskap raak so verlore en daarmee saam die sin van die evangelie, en só 'n werkwyse sal die onkunde wat daar by die jeug bestaan m.b.t. die Bybelse inhoud verder bevorder. Eintlik behoort dit ons te verbaas dat daar so 'n gebrek aan parate Bybelkennis by die kinders bestaan, aangesien die praktyk van die godsdiensonderrig in verlede en hede juis die klem op die Bybelkennis laat val. Ten spyte van al die indril van feite weet die kinders nog bloedweinig. Die leerlinge skroom ook nie om te sê dat al hierdie kennis en feite vir hulle onverteerbaar is nie. Die rede? Dit is nie geleë in die leerstofrangskikking nie, maar in die feit dat die ~~leer=~~ leerlinge nie weet waarom hulle moet weet nie.

Dit beteken nou nie dat die onderwyser nooit sy les rondom 'n bepaalde tema moet aanbied nie. Nee, dit is inteendeel sterk aan te beveel dat, soos bepaalde vraagstukke vir die betrokke leerlinge uit die lewe en wêreld na vore kom, en die onderwyser sekere periodes aan bespreking van sulke temas sal afstaan. Die Bybellesse moet aktueel wees, maar die godsdiensonderrig mag nooit aktualisties word nie, d.w.s. die s= aktuele mag nie van oorheersende betekenis word nie.

73) Zuidhof, J.P., op. cit., p. 333.

## 3.10 God in die Bybelles[74)]

Hoewel God nooit in die godsdiensonderrig geobjek=tiveer mag word tot studiemateriaal nie, moet ons, ge=sien die huidige vraagstelling, die probleem aan die orde stel: Hoe moet in ons tyd oor God met die leer=linge gespreek word? Die volgende opmerkings kan as riglyne vir die onderwyser dien:

* God is nie 'n hoogste, Goddelike Syn, hoog en ver bo hierdie verganklike, wordende wêreld van die geskiedenis, soos veelal gemeen is nie. Hy is nie iets nie, geen substans nie, maar persoonlik werksaam aanwesig. Die Godsnaam staan nie naas of bo die gewone menslike werklikheid nie, maar midde daarin.[75)]

* Die woord „God" val nie saam met 'n mitiese wêreldbeeld nie. Dit blyk uit talle Bybelverhale. Hierdie Naam is juis op beslissende punte in stryd met die destydse wêreldbeeld. Die mitiese hoër kragte word telkens as misleidinge ontmasker: die son is geen godheid nie (Ps. 19). In Gen. 1 word nie eers die woord „son" gebruik nie, maar „groot lig"; die verhaal van die gebeure by Sinaï toon juis dat die vulkaan=religie afgewys moet word en dat God net so wel in die geluid van 'n sagte windjie kom.[76)]

* Die bestaan van mens en natuur, insluitende die funksionering van mens- en natuurwetenskappe, is

74) Vgl. pp. 34, 39, 54, 68, 100, 134, 168, 252, 271, 279.

75) Vgl. Van Peursen, C.A., Hij het weer! p. 25.

76) Vgl. Ibid., pp. 32, 33.

slegs moontlik danksy 'n alles integrerende en ver=
ruimende, bevrydende perspektief waarin Goddelike Aan=
wesigheid en Begeleiding openbaar word.[77)]

* Dit is van groot belang dat die onderwyser die Bybel nie beskou as 'n godsdienstige boek met 'n leer oor God nie, maar as 'n reeks verhale waarin mens=like gebeure oopgebreek word, sodanig dat die spore van God afgeteken word in die geskiedenis van die mens=heid.[78)]

* Uit die gebrokenheid van hierdie wêreld en lewe lei die radikaliste die dood van God af. Die vraag vir ons is: Hoe moet mens die gebrokenheid aan=vaar en nog in God glo? Só, deur te sien dat hierdie gebrokenheid 'n deur God Self aanvaarde gebrokenheid is. „God" en „gebrokenheid" is nie woorde wat mekaar uitsluit nie. Hy het ons gebrokenheid aangeneem as sy eie syn in Jesus van Nasaret. In Hom sien ons die gebrokenheid van menswees en die Godwees in een Persoon. God was reeds in die St. Barthlomeüsnag, op Hlomo Ama=buta, in Ausschwitz; Hy is tussen die massagraftes van die konsentrasiekampe, Hy was in Coalbrook, in Ni=gerië is Hy en ook in Viëtnam. Hy het egter daaruit ook opgestaan - dít is die prinsipiële oorwinning. Die kind moet gelei word om beide te glo: Dat God en gebrokenheid mekaar nie uitsluit nie, en dat God en definitiewe uiteindelike herstel mekaar nie uitsluit nie. Die eerste beteken ons solidariteit met alles

77) Ibid., p. 34,
78) Vgl. loc. cit.

wat stukkend is; die ander beteken dat ons nie moed op=gee nie en in totale herstel glo. In die lig van die geloof in die definitiewe herstel is ons medewerkers van God tot die koms van sy ryk.[79)]

* As hier beklemtoon word dat God midde in die lewe staan, is dit nie 'n miskenning van sy gans-anders=heid nie. Oor die Gans-Andere-God moet in ons tyd weer kliphard gespreek word. Die God-is-dood-beweging is inderdaad 'n oordeel oor ons prediking van 'n liewe God wat maar altyd daarop uit is om goed aan ons te doen. Daar sal duidelik gespreek moet word oor die heiligheid, die verhewenheid, die verborgenheid (nie „afwesigheid" nie) van God. Hy is anders as die God van die „theologia naturalis", anders as die Aristote=liese god van die Middeleeuse „godsbewyse", anders as die tradisionele god bo en buite hierdie wêreld.[80)]

* God mag nie geban word in die beeld van 'n idee nie. Toe die tydgenote van Sefanja (1:12,13) in hulle welvaart in deïstiese rus gedink het: Die Here doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie, is die God=delike oordeel oor hulle weens hulle wandade aangesê. Prakties het hulle ook gemeen dat God dood is. En as die tydgenote van die profeet Jeremia hierdie pro=feet toeroep: Die Here se tempel, die Here se tempel, die Here se tempel is dit, menende dat die tempel en Sion as woonplek van Jahwe die onomstootlike waarborg

79) Vgl. Van Dijk, M.P., De vraag naar God in deze tijd. Regelrecht, 4(1): pp. 33-36, Jan. 1967.

80) Lekkerkerker, A.F.N. Waar staan wij nu? (In Berk=ouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., pp. 190-192).

bied vir hulle eie nasionale welsyn, dan word die uitverkore volk van God die oordeel aangesê. Die Ou Testament leer ewemin 'n God „daarbo" as die tradisionele „God-met-ons" as ewige waarborg vir politieke en maatskaplike welsyn. Ook in hierdie beelde laat God Hom nie vasvang nie. Verering van Jahwe onder die gedaante van 'n beeld hou 'n miskenning in van sy „anders wees", is 'n aantasting van sy heiligheid. Dit is 'n aanslag op sy vryheid en 'n verlaging van God tot 'n kosmiese mag - dit ontneem Hom sy Persoonlikheid. Wanneer die mens God in 'n beeld wil vasvang, impliseer dit dat Hy God en sy Naam wil misbruik ten behoewe van homself. Daarom is dit seker nie toevallig dat op die tweede gebod volg: „Jy mag die Naam van die HERE, jou God......"[81)]

* Die Godsbegrip wat by die kind opgebou word, ontstaan eerder deur die onderwyser se eie omgang met die Here, vir sover die kinders dit sien in sy taal en voorbeeld, as deur die uitleg in die lesse.

* God word te veel aan die kinders voorgehou as 'n veraf Hoogste Wese wat die wêreld gemaak het. Die onderwyser moet op die lewenswarme nabyheid van God wys: Hy is nou nog met ons besig. Aan ons het Hy die opdrag gegee om elke dag sy medewerkers te wees in ons kultuurvorming. Die kind moet leer dat sy hulp nie alleen is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het nie, d.w.s. in 'n God wat was nie, maar die kind moet steeds die blywende aanwesigheid

81) Van der Woude, A.S., Het tweede gebod. (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit.,pp.182, 183).

van God aanvoel, juis ook in die werk wat hy verrig. Anders beskou hy naderhand God as dié Een wat eens die natuur gemaak het en die mens as die skeppende, presterende god van die kultuur.[82)]

Indien God slegs as Skeppergod geken word, kan dit by die kind die indruk laat dat die mens Hom slegs hoef te dank vir die „natuur" en nie vir dit wat die mens „self" verrig het nie.[83)]

* God moet nie êrens gelokaliseer word nie; Hy moet nie opgesluit word in 'n onaantasbare gebied waar geen mensehand mag aanraak nie, want sulke ontoeganklike gebiede verdwyn steeds meer en meer voor die voortskrydende kennis en mag van die mens.

## 3.11 Jesus Christus in die Bybelles[84)]

Hoewel die uitsprake van Van Buren en Sölle, veral dié van eersg. m.b.t. Joh. 14: „Wie My gesien het, het die Vader gesien" uiters aanvegbaar is, roep hierdie e.a. radikale teoloë ons tereg op om by Jesus te begin. Die unieke gebeure van Jesus van Nasaret is sentraal vir die meeste woordvoerders van die „God-is-dood-beweging". Inderdaad kan geen verstandige woord oor God, Bybel, mens en wêreld gesê word buite Jesus om nie.[85)]

82) Weitjens, J., Eucharistieviering en katechese. School en godsdienst, 22(2): pp. 52, 53, Febr. 1968.

83) Ibid., p. 64.

84) Vgl. pp. 94, 168, 259, 279, 377.

85) Lekkerkerker, A.F.N., op. cit., p. 192.

Die onderwyser moet waak daarteen dat hy nie die „Christus wat toe geleef het" oorbeklemtoon ten koste van die „Christus wat nou leef" nie. Christus se ak= tualiteit moet nie gesoek word in Hom as 'n Voorbeeld nie, maar in sy opstanding en in wat Hy nóú vir die lede van sy liggaam is en doen. In sy vleeswording was Hy wel ook voorbeeld, maar toon veral sy betrokken= heid by en in hierdie wêreld. Die kind moet leer dat sy lewe hier moet wees: Antwoord op God se vleesgewor= de Woord.

## 3.12 Sonde en die Bybelles[86)]

Sonde is nie maar swakheid of tekortkominge nie. In die Bybelles moet die kind leer dat sonde die ver= lorenheid van die mens deur openlike of bedekte rebel= lie teen God is. Dit is bloedvergiftiging vir die siel. Dit is lewe asof God nie bestaan nie. Sonde is die loëning van die heerskappy van God oor die lewe van die mens. Dit is wetteloosheid (1 Joh. 3:4). Wie die sonde nie noem nie, verwaarloos die mens, maar ook Jesus Christus. Die kind moet leer dat as hy be= rou het en vergifnis vra, dit hom in Christus geskenk word.

## 3.13 Die gebed

Dit is nie voldoende as kinders 'n gebed van bui= te leer nie. Hulle moet leer om te verstaan dat die lewe van die Christen 'n biddende lewe is. Die gebed

86) Vgl. pp.32, 306.

is nie leerstof vir 'n bepaalde les nie, maar juis alle lesse, alle onderwys, die hele lewe moet deur die gebed gedra word.[87)]

Verder moet dit aan die kind tuisgebring word dat hy nie net moet smeek as hy bid nie, maar ook dank. Hy moet leer om te dank vir wat hy is en wat hy doen, nie net vir wat hy van buite ontvang nie.

Hoe voorkom die onderwyser nou dat die smeekgebed van die kind louter egoïsties word, dat dit hebsugtig word en God gesien word as 'n aparte energie wat die bidder ten dienste staan? Deur by hulle dié houding aan te kweek dat wat nodig is wel van God gebid moet word, maar nie sonder dat die bidder self bereid is om die hande uit die moue te steek nie. As mens bid vir vrede moet jy bereid wees om daarvoor te offer. Wie bid vir wêreldvrede kan nie self voortgaan om afgun=stig te leef nie.[88)]

## 3.14 Die leer van Bybelversies

'n Meganiese aanleer van Bybelversies moet vermy word. Die kind moet weet waarom hy die betrokke Skrif=gedeelte memoriseer. „Kernversies word steeds aange=leer as antwoord op 'n aktuele vraag. Só leer die kind om hierdie teks sinvol in sy lewensmilieu te be=trek - so kry die teks vir hom funksionele waarde."[89)]

87) Vgl. Waterink, J., op. cit., p. 129.
88) Vgl. Weitjens, J., op. cit., p. 64.
89) Van Wyk, J.H., e.a. Bybellesse vir st. 5:Voorwoord.

Voorbeeld: „Hoe weet jy dat die Psalms van Dawid die geïnspireerde Woord van God is?"
Antwoord : „2 Sam. 23:2: Die Gees van die Here spreek in my, en sy Woord is op my tong."[90)]

3.15 Gewyde sang

Sang is ook gebed: lofsegging, danksegging, sme=king. Dit het veel meer waarde as koorpraat, want hier gaan die hart van elke leerling oop, terwyl koor=praat in die reël meganies is. Sang is direkte diens aan God. Klas en onderwyser word daarin een voor die genadetroon van God. „Die onderwyser wat in staat is om die gewyde lied met die klas te beoefen, het die sluitsteen op sy godsdiensonderrig geplaas. Sy werk is finaal afgerond."[91)] Ook hier moet die onderwyser egter waak dat die sang nie meganies, doelloos en ge=dagteloos plaasvind nie. Die betekenis van die woor=de van die lied moet vir die kind duidelik wees. Wat gesing word, word met 'n bepaalde oogmerk gesing. Dié oogmerk moet aan die leerling voorgehou word sodat hy gemotiveerd, dit is sinvol, meesing.

3.16 Die werkopdrag in die Bybelles[92)]

Die bedoeling van 'n werkopdrag is in die eerste instansie om die leerling die geleentheid te bied om

90) Ibid., p. 10.

91) Bingle, H.J.J., Metodiek van godsdiensonderrig op die middelbare skool, p. 65.

92) Vgl. pp. 4, 24, 31, 246, 250.

die self beleefde en verwerkte kennis onder woorde te bring of in taal uit te druk; verder om selfverworwe kennis toe te pas. Die werkopdrag het egter ook 'n diagnostiese doel. Deur die wyse waarop die leerling die werkopdrag uitgevoer het, kan die onderwyser wys word of die leerling die behandelde werk verstaan het, of hy die sin daarvan ingesien het en of sy eie meto= de geslaag het.

Die werkopdrag moet in die nouste verband met die doel van die les staan, want in 'n groot mate is die uitvoering daarvan vir onderwyser en kind die toets of die doel van die les wel bereik is. Na 'n les oor Daniël in die leeukuil, sal dit byvoorbeeld heeltemal sinloos wees om die leerlinge die opdrag te gee om van modelleerklei leeus te maak! So sal ook 'n opdrag om Rut te teken waar sy are optel 'n sinlose opdrag wees omdat dit met die doel van die les niks te make het nie. En tog word hierdie tipe opdragte daagliks in feitlik al ons skole gegee!

'n Opdrag kan sinvol wees slegs as dit verband hou met die hoofgedagte(s) van die les. Die onder= wyser wat sy leerlinge se tyd verbeusel met sinlose opdragte werk mee aan die bevordering van die absurdi= teit in hierdie wêreld. In al te veel gevalle is godsdiensonderrig, veral in die laer klasse van die primêre skool „een leuren met kleuren en scheuren, maar ze leeren niets"......„godsdienstles is plakles geworden."[93)]

93) Weitjens, S.J. In vertrouwen samen verder. School en godsdienst, 22(3): p. 90, Mrt. 1968.

Die onderwyser moet die geleentheid benut om in die opdragte wat hy gee tot die diepste werklikheid deur te stoot, nl. die heilshandeling van God. Slegs so sal hy die kind se insigte verryk en sy hart wyer oopmaak vir die diepere werklikheid waarin hy lewe.

Ook by die gee van werkopdragte geld hierdie op=merking van Waterink: „Op de achtergrond van het be=wustzijn van onderwijzer en onderwijzeres moet altijd aanwezig zijn het besef, dat men werkt aan de gods=dienstige opvoeding van het kind."[94] Dit gaan tog nie in die Bybel om interessante kinderverhaaltjies wat maar op enige wyse opgesmuk mag word nie - God wil in die Bybel van Homself vertel, van sy werk vir en aan mense.

3.17 Meting

In die godsdiensonderrig behoort (daar) van toet=se en eksamens gebruik gemaak te word, nie om te be=paal of 'n leerling moet druip of slaag nie, maar

* omdat dit die leerling dwing om die leer=stof as geheel te oorsien, want slegs in die perspek=tief van die geheel kry die onderdele sin;[95]

* omdat dit vir die leerling die leemtes in sy kennis aantoon sodat hy die nodige aanvullende leer kan verrig;

94) Waterink, J., op. cit., p. 121.
95) Vgl. pp. 334, 360, 378.

* omdat dit aan die onderwyser die leemtes van sy onderrig toon en hy uit die resultaat kan vasstel of die doel bereik is. Tog is dit nodig om op die volgende te wys:

Meting moet nie toegespits wees bloot op die feite nie. Die toets moet vasstel of die leerling die leer=stof werklik begryp, die sin daarvan peil en of sy kennis geïntegreerde kennis is, d.w.s. of die geleerde deel van sy persoon geword het. Die kinders moet ook wel ken en kan weergee, maar die klem val op begrip en verwerking. Die kind moet „betrokke" wees.

Die klem moet egter nie op meting val nie. Tereg sê Kohnstamm dat ons sekere dinge eksamineer, nie om=dat dit by uitstek nodig is nie, maar omdat dit kontro=leerbaar is. Daarna word die onderwys só daarop gerig dat geëksamineer kán word. Dan word die onderwys be=oordeel of aan hierdie eis voldoen is. Só word ten slotte die eintlike, die nie-eksamineerbare, nog meer op die agtergrond gedring. Die gevolg van hierdie toedrag van sake is dat slegs dit wat geëksamineer kan word waarde verkry. Hier word nou nie bedoel dat meting benede die waardigheid van die vak is nie, maar die syfer moet nie meer wees as 'n hulpmiddel by die didaktiese proses nie en daar is situasies waarby hier=die hulpmiddel gemis kan word.[96]

96) Vgl. Meesters, J.H., Het godsdienstonderwijs op de middelbare school. Opdracht, 16(1): pp. 6-8, Sept. 1968.

In die godsdiensonderwys is kommunikasie belangrik. Daar moet kommunikasie tussen onderwyser en leerling wees sowel as kommunikasie van die Christelike boodskap met die kind. Hoewel ons kommunikasie <u>tussen</u> en kommunikasie <u>van</u> onderskei, moet ons dit nooit skei nie, want kommunikasie <u>van</u> die Christelike boodskap werk terselfdertyd in beginsel die regte kommunikasie <u>tussen</u>, d.w.s. die regte intersubjektiwiteit.

'n Belangrike aspek van die vraagstuk van kommunikasie <u>van</u> die Christelike boodskap is die probleem van die aanknopingspunt.[98] In die Bybelles word die kind met God gekonfronteer. Daar moet 'n ontmoeting plaasvind tussen kind en Christus. Ontsluiting van die hart van die kind vir die evangelie het as voorwaarde 'n herskeppende wonder van die Heilige Gees en daarom is alle metodiek en didaktiek hier relatief. Aan die ander kant is dit ook waar dat God die onderwyser wil gebruik om mense na Hom toe te bring. Die onderwyser is nie willose nie, maar verantwoordelike instrument. Hy moet sy uiterste probeer om so ná as moontlik aan die kind voor hom te kom. Die gevaar bestaan natuurlik dat hy die Woord van God gaan aanpas aan die wense en verlangens van die natuurlike mens (soos Schleiermacher, soos die eksistensialiste)

97) Vgl. pp. 6, 29, 34, 121, 201, 261, 299.

98) Vgl. m.b.t. die aanknopingspunt: Overduin, J., Die evangelie vandag, pp. 152-168; Wurth, G.B., Evangelieboodskap en wêreldkrisis, pp. 1-179; Kotzé, G.J., Hedendaagse Skrifprediking, pp. 172-178.

om dit vir hom aanneemlik te maak.

Die evangelie is die boodskap van God, maar die boodskap van God aan die mens, in die Bybelles aan die kind. Om iets daaraan te hê moet die kind dit hoor. Die vraag is nou: Is die kind daartoe in staat? Is daar iets in die mens waarby die evangelie kan aan=knoop? Waar is die invalspoort?

Karl Barth wil, in sy reaksie teen die „analogia entis" by Rome, van geen aanknopingspunt, orgaan of funksie by die mens weet waarby die openbaring van God kan aanknoop nie: God gee in sy genade sy boodskap, maar skep ook in die mens die oor om mee te hoor.

Roomse teoloë is nogal optimisties: Die sonde het slegs die bobou weggeslaan; die onderbou is net oppervlakkig beskadig sodat 'n groot aanvaardingsmoont=likheid nog by die natuurlike mens oorgebly het.

Miskotte ag 'n aanknopingspunt onnodig, tog aan=vaar hy 'n aanknopingspunt in psigologiese sin.

Van Niftrik ontken saam met Barth dat in hierdie wêreld enige religiositeit is waarby die Christelike verkondiging kan aanknoop.

Volgens Brunner knoop God se genade nie aan by wat die mens het nie, maar by wat hy mis, by sy nood.

Tillich wil dat die aanknopingspunt in die mens=like situasie geleë sal wees.

Bultmann (in aansluiting by Heidegger se filoso=fie) soek die aanknopingspunt vir God se genade in die

vertwyfeling van die mens.

Die Metodisme (op voetspoor van Pelagius) meen dat die mens 'n kern het wat goed is, 'n sielegrond wat gemeenskap met God het, 'n goddelike vonkie in sy siel wat smeul onder dik lae verkeerde dinge, maar wat nog aangeblaas kan word om 'n vuur van geloof, hoop en liefde op te lewer.

Wurth en Wiersinga meen dat enige veronderstelling van 'n aanknopingspunt in die mens altyd maar uitloop op 'n aanpassing van die evangelie aan die behoeftes van die mens.

Volgens Kraemer bestaan die aanknopingspunt feit=lik slegs in die vorm van antitese.

J.H. Bavinck sien die aanknopingspunt in die al=gemene openbaring.

Die vraag is nou: Hoe moet die onderwyser die saak sien? Die volgende dien as riglyne:

* Die mens is nie deur die sonde in 'n dier of klip verander nie, hy het mens gebly en die moontlik=heid om deur God aangespreek te word het gebly. Die beeld van God is wel verbreek, maar daar het nog iets oorgebly, nl. die moontlikheid vir die mens om hom op God te rig. Die evangelie is vir die mens geen ge=heime taal nie, maar verstaanbaar. Selfs al antwoord die natuurlike mens „nee", dan weet hy waarvoor hy „nee" sê. (Vgl. Rom. 1:20; 2:4, 5,). Daarom moet die onderwyser van die Bybelse apriori uitgaan nl. elke mens kan dit verstaan.

* By die mens is daar nog altyd 'n heimwee na God, 'n gewete. Hy kan in sy gewete getref word.

* Die onderwyser moet rekening hou met die kind in sy situasie, sy milieu, ontwikkeling, geaardheid, node, ens. „Dikwels sal met geheiligde metodiek 'n invalspoort op die horisontale vlak van die eksisten=siële node gesoek moet word, ten einde deur te stoot tot die vertikale verhouding tot God. Bewus van die onuitroeibare Godsbewussyn by die mens, het Paulus die ongereduseerde boodskap geproklameer, maar dan anders voor die geleerde Grieke, die fanatieke Jode, die hoog=hartige Romeine, as voor die ongeletterde heidene van sy dag"[99)]

* Die onderwyser moet dié gedagte sterk vashou: Dit is sý verantwoordelikheid om die regte kanale te grawe waardeur die Woord tot die kind moet kom, waar=deur die Heilige Gees moet werk, maar dit lê in die mag van die Heilige Gees om op onnaspeurlike wyse in=nerlik te „oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel" (Joh. 16:8)[100)] Ons moet met die verborge Goddelike kant rekening hou sonder om dit te wil hanteer. Met die beste sielkundige metodes sal die onderwyser nooit die positiewe antwoord bewerkstellig nie. Dit bly die werk van God en die onderwyser moet daarteen waak om die werk van die Heilige Gees te wil oorneem.

* Die onderwyser moet onthou dat die situasie in Suid-Afrika gelukkig nog so is dat die oorgrote

99) Kotzé, G.J., op.cit., p. 178.
100) Vgl. loc. cit.

meerderheid van die leerlinge voor hom nog gedoopte verbondskinders is; daarom sal hy in die eerste in=stansie by die verbond en die verpligtinge van die doop en die beloftes van die genadeverbond aanknoop.

* Die sin van die openbaring word ten beste be=nader as daar van die verbond uitgegaan word. Die verbond bind mens en God tot 'n eenheid sodat Godde=like spreke en menslike antwoorde nie twéé nie maar één is. Spreek en hoor hoort byeen („Spreek Here, u kneg hoor."). Die spreke is geadresser aan 'n mens wat tot luister en antwoord opgeroep word. Niks staan so ver van die bedoeling van die Skrif as dooie formalisme nie. Geïsoleerde, abstrakte heilsfeite spreek die konkrete moderne mens nie aan nie, maar heilsfeite mét die antwoord, die Skrif met die antwoord, die daelik=se lewe bý die Bybel. Kruis en opstanding met die antwoord daarby, dit is egte godsdiensonderrig. Waarheid en waarheid doen hoort bymekaar. (Dit bete=ken nie dat waarheid geen waarheid meer is as dit nie gedoen word nie. Dit sou loutere subjektivisme, die bedreiging van ons tyd, wees; maar die daad moet nie uitbly nie: die Woord roep om antwoord![101])

* Tot dusver het Suid-Afrikaanse sillabusse en handboeke van die standpunt uitgegaan dat ons kinders almal Christene is. Veral met toenemende immigrasie en sekularisasie is dié patroon geleidelik aan die verander. Meer en meer kinders ken geen kerklike lewe nie. Miskien kom hierdie kinders nog uit huise

101) Van Dijk, M.P., Naar een nieuwe vrijinnigheid, pp. 90-92.

waar die Persoon van Christus gerespekteer word, waar die Christelike etiese kode gevolg word (hoewel dit dikwels misverstaan word) maar waar die Christelike kerk met suspisie bejeën word. En waar die moderne teologie nou besig is om tot terme te geraak met die feit dat die maatskappy gesekulariseerd word, en die Christelike boodskap op eksistensialistiese wyse aan die gesekulariseerde moderne mens en sy situasie ge= akkommodeer word, en waar die kommunikasie met die moderne mens langs tradisionele weg net nie meer wil plaasvind nie, sal die godsdiensonderrig en die sede= like opvoeding 'n grondige rekonstruksie moet onder= gaan.

* As die onderwysers getroue getuies bly van hulle Sender, dan sal deur die Boodskap die gewete van baie kinders resoneer.

* Onder die volle besef dat die doodsbeendere slegs in beweging kan kom deur die werking van die Gees van God, soos in sy ewige raad en verkiesing bepaal, moet elke Bybelles gedra word deur vurige gebed en sme= king dat die regte saad reg gesaai moet word en mag uitspruit tot eer van God.

Die kind, die adres van die Bybelles, moet deur die onderwyser begryp word. Daarvoor is nodig 'n studie van sy agtergrond, sy psigologie, sy hele situ= asie. Maar dan moet die onderwyser daarby onthou dat die kind eintlik slegs in God, sy Maker, reg begryp kan word, d.w.s. in die lig van die Skrifgeworde sowel as vleesgeworde Woord (Ef. 2:24). 'n Kennis van die Christelike antropologie is dus 'n noodwendige eis vir

die godsdiensonderrigonderwyser. Ken hy die kind nie reg vanuit die openbaring van God nie, bring hy die boodskap dalk by die verkeerde adres.

Die moderne jeug soek nie na resepte en konsepte nie. Hulle laat hulle nie aansê, voorskryf nie. Daarom moet die onderwyser saam met hulle, nie as ou=toriteit bo hulle nie maar as medemens solidêr met hul=le, soek na 'n Christelike bestaanswyse.

Die moderne kind worstel met die „syn" en die oor=sprong daarvan. Hy soek 'n verklaring vir die sonde, die toekoms van die aarde, die mensdom en homself. Hy word oorval deur die baie dinge van die lewe van elke dag en daarom is hy geïnteresseerd in wat om hom aan=gaan: sy teleurstellinge, verdriet, maar ook sy suk=sesse en sy vriendskap. Die realiteite van die lewe verdring die hemel van 'n droomwêreld. Daarom moet ons godsdiensonderrig nie wees asof dit uit 'n verre wêreld kom nie; dit moet sy vensters wyd laat oop=staan vir hierdie lewe.

Zuidhof vertel van 'n hoërskoolleerling wat in 'n brief soos volg geskrywe het: „....... die gelowige onderwyser kom op my af met tallose uitsprake en ver=maninge ..... ek neem hom wel ernstig op. Ek het ernstig geluister, maar tog, nou is alles weer verby. Die pragtige uiteensetting ontglip my. Ek glo dat dit die gevolg is van die feit dat ek my veel meer in=teresseer vir die gewone dinge van elke dag, my teleur=stellinge en verwagting.[102]

Die moderne kind sit nie en wag om te verneem wat

102) Zuidhof, J.P., op. cit., p. 330.

van hom verwag word nie. Die lewe vra reeds soveel. Soms is God vir hulle so ver weg uit die gewone, kon= krete lewe. Bang vir sulke nare dinge soos die hel is hulle ook nie. Hulle soek na die sin van dinge en raak geïrriteer deur sinlose handelinge. Die leef= wêreld van die jeug, soos vertolk in hulle vrae, gee aan die moderne godsdiensonderrigonderwyser die opdrag om die antwoord van Christus se heilsboodskap te for= muleer.

Vrae wat by die jeug lewe, is: Wat het ek daar= aan? Waarom moet ek dit weet? Wat beteken dit vir my? Wat kan mens daarmee doen? Wat het dit met my lewe van elke dag te doen? Hulle is steeds besig om die sin en waarde van alles te ontdek: geld, skool, beroep, seun of meisie, kerk, onderwyser, partytjies, die ge= sprek, liggaamlikheid, vorme, verpligtinge, die mode, oorlog, politiek. Sulke vrae lewe vir hulle - dit is hulle lewe. Teenoor hierdie dinge wil hulle on= bevooroordeeld staan. Hulle verwerp die „opgedronge" menings, die vanselfsprekendhede van die volwassene, die stellinge van die kerk en die konvensies van die maatskappy. Waarom? Omdat hulle die sin van die dinge nie raaksien nie. Die taak van kerk, skool, maatskappy is dan tweërlei: Skakel die sinlose dinge (en hoeveel daarvan is daar nie, veral in die skool, meer besonder in die godsdiensonderrig) uit en lei die jeug tot begrip van die betekenis van die res.

Die Goddelike openbaring moet natuurlik voorop staan en as normerend vir die hele lewe van die kind voorgehou word, maar die voorwaarde is dat die heils= boodskap beslis moet saamval met die onderwyser se

antwoorde op die vrae van die jeug - dít is per slot van sake waar hulle die heilsboodskap verwag. Predi= kante en onderwysers sal antwoorde moet vind en ver= strek op die hedendaagse vrae. Die jeug staan in die branding van ons tyd. Koerante, tydskrifte en radio plant vraagstukke in die midde van die jongmense se gedagtewêreld en hulle soek na sinvolle antwoorde.

Al is antropologie nooit die alfa en die omega van die opvoeding nie, is kennis van die moderne jeug noodsaaklik vir die onderwyser met die oog op die tuis= koms van die boodskap, eerder as op die inhoud daar= van. Die Bybelles mag nooit 'n algemene boodskap aan die gemiddelde kind wees nie. Daardie smekende Mace= doniër van Paulus se gesig in Troas was herkenbaar: Hy was 'n verteenwoordiger van mense met 'n bepaalde kultuur, beskouing. godsdiens en filosofie. As Pau= lus hom aan die „Macedoniër" verstaanbaar wou maak, moes hy homself en die wyse van verkondiging aan hom akkomodeer. Inderdaad het Paulus vir die Jood 'n Jood en vir die Griek 'n Griek geword. Die inhoud is By= belbepaald, die taal en vorm is die verantwoordelikheid van die onderwyser en is situasiebepaald. Die onder= wyser moet daarmee rekening hou dat die kind voor hom na die beeld van God geskape is, in sonde geval het, in Christus die verlossing het, in 'n moderne wêreld van tegniese en wetenskaplike ontwikkeling leef, omring is van sonde, saamleef in die samehoping van mensemassas in die stede, leef in 'n rewolusie-swangere wêreld met talle vraagtekens. Van Leeuwen reken selfs dat die kerk homself rekenskap sal moet gee van sy kennis van die gesekulariseerde mens en wêreld, en dat dit die oog

van die naald is waar die kerk sal moet deurgaan as hy in die koninkryk van God wil ingaan![103)]

Vir drs. A.B. Lam is die essensie van lesgee die kritiese dialoog tussen kind en onderwyser, waarin beide saam tot die juiste insig probeer kom.[104)] Die kind van vandag wil meespreek en bespreek, nie toegespreek word nie. „Dialoog" het 'n modewoord in ons tyd geword. Ons belewe die „faillissement" van die monoloog. Die Middeleeue was een groot monoloog. Selfs Reformasie en Kontra-Reformasie was twee parallelle monoloë. In ons tyd het, op alle terreine, die gesprek na vore gekom. Ook die jeug wil debatteer. Daarom moet ons Bybellesse ook wegkom van die „Middeleeuse" monoloog. In die sinvolle dialoog moet die moderne kind die openbaring ontdek.[105)] Kinders moet toegelaat word om vrae te stel en om gevolgtrekkings te maak. Dit is moreel verkeerd (en takties dwaas) van die onderwyser om sy bevoorregte posisie te gebruik om andersdenkendes se idees te smoor onder die gewig van sy superieure intellektuele en emosionele kragte. Dit is natuurlik ook verkeerd, andersyds, om afwykende beskouinge onaangeraak te laat of om die leerlinge die indruk te laat kry dat alle opinies dieselfde waarheid

103) Vgl. Van Zyl, F.J., Die reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing. Hervormde teologiese studies, 23(3): p. 117.

104) Lam, A.B,. Tekenen van het rijk, Opdracht, 16 (4.5): p. 37, Mrt. 1969.

105) Vgl. Schillebeeckx, E., Zwijgen en spreken over God in een geseculariseerd wereld. Tijdschrift voor theologie, 7(4): pp. 344, 345, Okt.-Des. 1967.

bevat.[106)]

Die leerlinge moet in die geleentheid wees om eie opinies te vorm in dialoog met die onderwyser. Lg. mag egter nooit neutraal staan teenoor die keuses wat sy leerlinge maak nie. Dit is beide sy voorreg en sy verantwoordelikheid om hulle te beïnvloed.

Die Bybelles moet loskom van die gemaklike mono= loog. Die vervelige, siellose monoloog moet vervang word met 'n moedige, lewende dialoog. Hierdie dia= loog vind ook nie net tussen onderwyser en leerling plaas nie, maar ook tussen les en situasie, tussen les en moderne kind in sy huidige problematiek. Dit moet reik tot aan die werkbank, die lessenaar en die ploeg.[107)]

Dat die evangelie die moderne mens nie meer aan= spreek nie, is grotendeels te wyte aan die feit dat die lesmetodiek of preekmetode beantwoord aan of afge= stem is op 'n verbygegane situasie. Tussen die oor= dragsmetode en die huidige situasie het 'n sekere dis= tansie, 'n „Verfremdung" gekom.[108)] Hoewel ons die „secular meaning" wat Van Buren e.a. aan die evangelie wil gee, moet verwerp, sal ons tog nie kan nalaat om ook die volle lig te laat val op die kind in sy aardse verhoudinge nie. Elke goeie didaktiek het die roeping om rekening te hou met die eenheid, nie net van die menslike persoon nie, maar ook met die samehorigheid

106) Vgl. Hinton, M., Religious education in a secu= lar society. Learning for living, Sept. 1968, p. 11.

107) Vgl. Kotze, G.J., op. cit., pp. 180, 181.

108) Van de Heuvel, A., Lesgeven over het Nieuwe Tes= tament. Opdracht, 16(1): p. 25, Sept. 1968.

van individu en samelewing en met die kultuursituasie. „Eers in die egte dialoog met die situasie word die appel van die Woord verneem. In 'n leë situasie kan geen dialoog plaasvind nie en kan die Woord nie geïn=terpreteer en geproklameer word nie. In die hede ... moet 'n ontmoeting plaasvind tussen God en mens, tussen Woord en eksistensie."[109)]

As die onderwyser oor die koppe van die kinders heen praat in 'n situasie-vreemde taal, maak die dialoog plek vir „'n dualoog, d.i. twee monoloë wat mekaar nooit tref nie.": dié van die onderwyser en dié van die kind in sy situasiewêreld. So gaan die gesonde betrokken=heid van die Woord op die situasie verlore.[110)] As die Bybelles antwoorde op die eksistensiële vrae van die kinders gee, word die dialoog tussen onderwyser en kind ten diepste 'n dialoog tussen God en sy kind. Te=reg sê ds. de Jong: „In de .... categorie van ..... de ontmoeting, het existentieel appél, klopt het hart van het Evangelie."[111)]

Teen oordrywing van die situasie moet hier ten slotte gewaarsku word. As die Bybel die lestema dien, het ons met 'n ongesonde tematisme te doen. Deur 'n eensydige aanpassing aan tydsgees en behoeftes word die Woordkarakter van die Bybel ingeboet. "Die situ=asie kan nooit 'n werklike dialoog, 'n lewende kom=munikasie tussen God en sy Woord enersyds en die mens andersyds bewerkstellig nie. 'n Werklike aanspreke,

109) Kotzé, G.J., op. cit., p. 179.

110) Vgl. Ibid., p. 181.

111) de Jong, J.M., Schriftgezag en wetenschap. (<u>In</u> de Bijbel in het geding, p. 141.).

'n ontmoeting, kan slegs vanuit Gods Woord geskied."[112)]

5 Die onderwyser[113)]

Die onderwyser verskaf nie net inligting nie, hy moet ook oortuig. Om te kan oortuig, moet hy self oortuig wees, oortuig van die waarheid van God se Woord. Dit is ook nie genoeg dat die onderwyser sy oortuiging openbaar nie - hy moet ook oortuiging by die kinders wek. Om sinvol met die kind te kommunikeer, moet die woorde van die onderwyser met besieldheid gelaai wees. Die woorde wat hy spreek, sal slegs dan die hart van die kind raak as dit uit sy eie hart kom. Tereg sê Waterink: „.... het pedagogisch woord dat wij spreken, heeft dan ook alleen maar echte invloed op het kind, wanneer het als het ware door onze ziel gegaan is, - wanneer het komt uit de eenheid en de totaliteit van onze gehele perzoonlijkheid."[114)]

Die huidige situasie het vir verstarde onderwy= sers nie plek nie. Die onderwyser wat maar net wil „oordra" en van die moderne kind verwag om te luister, sal vir sy boodskap geen klankbodem vind nie. Die on= derwyser wat vermoeiend „praat" oor lewensvreemde dinge, wat uit 'n verre wêreld antwoorde verskaf op die probleme van vervloë tye, probeer tevergeefs om met die hedendaagse kind te kommunikeer. Sy aanspraak bly

112) Kotzé, G.J., op. cit., p. 100.
113) Vgl. pp. 244, 247.
114) Vgl. Waterink, J., op. cit., pp. 31, 79.

'n monoloog.

Die moderne godsdiensonderrigonderwyser daaren= teen is bewoë deur die hedendaagse mens en sy wêreld. Hy is gevoelig vir „de mens van nu", sy belangstel= lings, sy verlangens, sy suksesse, sy verdriet, sy te= leurstellings, sy verwagtinge. Hy is geboei deur die hedendaagse literatuur waarin „de mens van nu" hom openbaar. Hy is bewus daarvan dat die Christendom vir hierdie mens 'n boodskap het. Hy sien en beleef selfs dat daar by die mense 'n behoefte bestaan aan 'n profeet, aan iemand wat insig en deursig kan gee in die menslike bestaan. As hy die kind hier voor hom aanskou, dan sien hy Jesus Christus. Vanuit hierdie wete gee hy godsdiensonderrig.[115)]

Die moderne godsdiensonderrigonderwyser bied nie klaargeknipte oplossings aan nie, hy bied homself aan, en wel so dat hy iets vir die jongmens kan beteken. Om daartoe in staat te wees moet hy leef in hûlle wê= reld, saam met hulle werk en worstel, saam lag en speel. Goeie godsdiensonderrig veronderstel 'n persoonlike betrokkenheid van die onderwyser. „Zijn spreken moet een geëngageerd spreken zijn."[116)]

Die feit dat die moderne mens so weinig van die lewende God in hierdie wêreld sien, is 'n ernstige re= fleksie op die godsdienstige lewe van die gelowiges in die verlede en die hede. Die godsdiens moet tog beoordeel kan word in die lig van die geloof en lewe van sy ware en mees konsekwente aanhangers. Daarom

115) Vgl. Zuidhof, J.F., op. cit., p. 328.
116) Te Woerd, J.W.F., op. cit., p. 77.

is die lewende voorbeeld van die onderwyser van soveel betekenis in ons tyd. Die godsdiensonderrigonderwy=ser wie se lewe en leer 'n dualisme is, het vir die jeug 'n impotente boodskap. Die moderne onderwyser moet lewende getuie van Christus wees. Dit moet net nie in sy les om sy eie getuienis gaan nie, maar om die getuienis van die objektiewe geopenbaarde waarheid soos beliggaam in die Bybel, die getuienis van God in Jesus Christus, wat ons van sy apostels ontvang het. Die eie religieuse ervaring van die onderwyser mag nooit stofbron vir sy les word nie. Hoogstens kan dit dien as konkrete illustrasie van die waarheid van die Skrif.[117] Hy moet steeds objektief wees en nie eie gedagtes, voorstellinge, subjek en denke in sy ver=tolking van die Skrif indra nie.

In die aanbieding van sy les moet die onderwyser nie die tradisionele kanseltaal gebruik nie. 'n Ver=staanbare, doodgewone, alledaagse taal moet gebesig word. Van die onderwyser word egter nie verwag om die waardige boodskap van die Bybel in 'n plat straat=taal aan te bied nie. 'n Voorwaarde bly natuurlik dat die onderwyser eers moet weet wat hy wil sê voor=dat hy daaroor nadink hoe hy dit wil sê. Dan sal hy wel gou merk dat die Bybel 'n eie taal spreek wat in die grond van die saak nie vertaalbaar is nie. Hoe beter die onderwyser weet wat daar in die ou dae gesê is, hoe beter sal hy ook weet hoe hy dit in die mo=derne tyd moet sê. Ook in sy taal moet die onderwy=

117) Vgl. Kotzé, G.J., op. cit., pp. 20, 21.

ser waak teen besondiging teen die tweede gebod.[118)] 'n Frisse, nie streng-formele, deftige woordgebruik, gekenmerk deur natuurlikheid soberheid en eenvoud son= der om banaal te wees word vereis. Die belangrikste bly egter dat die onderwyser iets te sê moet hê!

6 Die medemens[119)]

Hoewel ons in opstand behoort te kom teen die ge= dagte dat dit in die verlossing en in die boodskap van die koninkryk slegs maar om „medemens" en „medemenslik= heid" sou gaan, moet ons aan die ander kant nie ver= geet hoe diep die gebod en die gawe van die naasteliefde ingryp nie. Dit is natuurlik oppervlakkig en sin= loos om te sê dat liefde vir God dieselfde is as naas= teliefde. Daar moet vir die gelowige 'n terrein oor= bly waarin hy God alleen ontmoet. Daar moet 'n soli= loquium ook wees. Dít kan die gelowige nie mis nie - die beroemde „hoekie met 'n boekie." Die onderwyser durf die kind nie in 'n woestyn van naasteliefde alleen stuur nie; die liefde van God is nodig om dié woestyn in 'n oase te omskep.

Daar is 'n soort vroomheid wat daagliks by die naaste verbyloop en sy nood nie opmerk nie. Sulke mense is vol van „God se regte." Ons moet egter ont= hou dat God se reg daarin bestaan dat die reg van die

188) Van der Woude, A.S. Het tweede gebod. (In Berk= ouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., Revolte in de theologie, p. 184.).

119) Vgl. pp. 21, 30, 32, 34, 121, 183, 201, 244, 261, 167.

arme verdedig word. Self het God ook mens geword. As mens het hy onder ons gewandel, as mens het Hy gesterwe, as mens bid Hy vir ons. Jesus het in die eensaamheid gebid, daarna brood gebreek vir die skare. Die geloof in die menswording is 'n teëwig teen anti-menslike vroomheid. Dit behoed ons vir 'n fanatisme 'n ekstase wat die gewone dinge van elke dag uit die oog verloor. Wie nadruk lê op die geloof in God, maar die mens uit die oog verloor en onderwaardeer, het God nie begryp nie.[120)]

Die kind moet geleer word dat die Woord van God as daad moet funksioneer in mense wat hulle solidêr betoon met lydende medemense. Jakobus wil immers duidelik maak dat die erkenning van die Godsnaam waardeloos is tensy dit die mens ten behoewe van sy medemens laat lewe. So leer die Psalms ons ook dat die ware vroomheid bestaan in die besoek van weduwees en wese in hulle beproewing.[121)] Daarom moet die Bybelles ook aandag hê vir die naaste. Die leerling moet opgevoed word tot egte medemenslikheid, gegrond in die liefde van God vir die wêreld.

Dit gaan hier nie om 'n of-of nie: Óf die aandag vir die vertikale met verwaarlosing van die horisontale, óf honderd persent aandag vir die horisontale met ontkenning van die vertikale nie. God bestaan nie ten koste van die mens nie. Daar is 'n intrinsieke verbondenheid tussen die twee: albei moet honderd persent

120) Van Dijk, M.P., Naar een nieuwe vrijzinnigheid, pp. 87-89.

121) Vgl. Van Peursen, C.A., op. cit., pp. 50, 51.

die aandag geniet. Dit is bv. die boodskap van Jesaja en Amos: Groot aandag word gevra vir die naaste en sy nood en ellende, maar eintlik kom dit daarop aan of God geken of nie geken word nie.[122)]

7. Opstanding en Christendom.[123)]

Die wetenskaplike rewolusie van ons tyd, die bevolkingsontploffing, die weiering van die moderne mens om hom te laat betrek in sake van ander persone, d.w.s. gebrek aan kommunikasie met die medemens en die fisiese dood wat vir die moderne mens die sin van lewe kanselleer, stroop die hedendaagse mens van sy persoonlikheid. Myron Chartier skrywe dat vir hierdie probleem daar net een oplossing is, en dit is die verkondiging van die opstanding, want Christus se opstanding

* gee betekenis aan die wetenskaplike strewe van die mens;

* maak die bestaan van die kerk moontlik;

* gee die mens die vermoë om betekenisvolle verhoudings met ander mense te hê. God se totale aanvaarding van 'n persoon bevry hom om self ten volle persoon vir ander te wees;

* is die waarborg van ons eie opstanding en gee betekenis aan hierdie lewe;

122) Vgl. Duggan, M. Scripture - still a deadly sort of history. Christian education, 27(3) p. 49, Okt. 1968.

123) Vgl. pp. 45, 94, 168, 259, 279, 392.

* laat ons Hom as Persoon ontmoet. In Hom ontdek ons wat dit beteken om persoon te wees; as ons Hom ontmoet, word ons geken en ken ons, word ons bemin en het ons lief, word ons aanvaar en aanvaar ons.[124)]

Waarom vind die moderne mens dit so moeilik om in 'n opgestane Christus te glo? Omdat die gemeente van Christus nie genoeg leef vanuit die opgestane Christus nie, omdat die wêreld so min van 'n lewende Christus by die Christendom sien!

Dus: Die godsdiensonderrig het as besondere taak om die opgestane Christus met alle mag te proklameer! As die gelowiges se lewe weer die opgestane Christus vertoon, sal die sin in hulle eie lewe ook andere laat insien: Christus leef!

Aan die kind van vandag moet met krag gesê word: God, Christus leef! Volgens 1 Kor. 15 staan of val ons lewe met die feit dat Hy leef. Ons moet in ons tyd weer daavan kennis neem dat daar nie net geskrywe staan dat, omdat Christus opgestaan het, ons ook op= gestaan het nie, maar dat, omdat ons opgestaan, Chris= tus ook opgestaan het! (vs. 13,16).

Dr. Rothuizen stel dit, hoewel gewaagd, tog tref= fend, soos volg: Die heerlikheid van God wat ons in Ps. 96 teëkom, is nie net iets wat ons van God ontvang nie maar, daarna, ook iets wat Hy van ons kry (96:6 vv.), want troon God dan nie op die lofsange van Israel nie? (Ps. 22:4) Die Christusbeeld sonder hande en voete, wat gedurende die oorlog deur soldate in 'n nagenoeg verwoeste kerk gevind is, met die woord daarop

124) Chartier,M.R.,Depersonalization and resurrection faith. Christianity today, (12)14:p. 4, 12 April 1968.

geskrywe: „Ek het geen hande en voete behalwe die van u" het vir ons tyd veel te sê. Maar: Hoe moet ons dan, vra Rothuizen, God aan die lewe hou nadat Chris= tus opgestaan het? En dan antwoord hy: Deur na Je= rusalem te gaan en daar, gedryf deur die Heilige Gees, 'n gloed ontvang sodat ons weer in guns staan by die hele volk (soos daardie eerste gemeente van Christus). Dan sal God weer daagliks toevoeg tot die kring van die gereddes. „Want er is veel kou in de wereld. God, inderdaad, zou er bijna van bevriezen."125)

Ons kan nooit saam met die eksistensialiste en die „God-is-dood"-teoloë die dood en opstanding van Chris= tus as historiese feite prysgee nie. As Christus nie opgestaan het nie, is alles absurd en tevergeefs (1 Kor. 15).

* * * * *

As ons die jeug vir die koninkryk van God wil behou, wil bewaar teen die dekadensie van die ateïsme, wil be= wapen vir die stryd wat voorhande is, sal ons ons moet beywer vir 'n godsdiensonderrig wat die Bybel, God, Christus, die Heilige Gees, sinvol betrek by die lewe van die kind. 'n Godsdiensonderrig wat nie wars is aan alle sinloosheid nie, berei ons jeug voor vir 'n versekulariseerde lewe met geen uitsig op die toekoms nie. Die hier en die nou moet ernstig opgeneem word en dit kan ernstig opgeneem word slegs as dit belig

125) Rothuizen, G. Th., Eleanor Rigby of de dood van God, pp. 23, 24.

word vanuit die lig van die ewigheid.

Aan die onderwysers in die godsdiensonderrig kan geen beter woorde toegevoeg word as die woorde van Paulus aan Timoteüs. „.....bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpinge van die valslik sogenaamde kennis, waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof betref, op 'n dwaalweg geraak het" en: „ ... verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels"[126)]

126) 1 Tim. 6:20, 21; 2 Tim. 4:2-4.